

ALGEMENE ASPEKTE VAN TAALNORMERING

J.C. Steyn

1. Inleiding

Die intuïtiewe oordele van die moedertaalgebruiker speel 'n groot rol in die transformasioneel-generatiewe taalteorie. Die oordele van taalgebruikers oor ander taalgebruikers se taaluitinge lyk vir my ook na 'n nuttige vertrekpunt vir hierdie stuk oor taalnorme en voorskrifte vir korrekte taalgebruik. Die persoon wat voorskrifte gee, is 'n taalgebruiker wat oordeel aan die hand van 'n norm: die taalgebruike wat hy afkeur, is volgens hom anders as wat dit behoort te wees (en goedgekeurde taalgebruik is soos dit behoort te wees, of volgens 'n strengere norm miskien: nie soos dit nie moet wees nie). Die diskrepansie tussen so 'n "is" en 'n "behoort te wees" is die bron van alle soorte voorskrifte, ook dié oor taalgebruik.

Die uitsprake in (1a-g) is op een uitsondering na almal afkomstig van leke-taalvoorskrywers. Hulle word hier aangehaal omdat hul oordele so duidelik lig werp op die verskillende fasette van taalnormering en die verstreking van taalvoorskrifte.

- (1)
- a. "Ga, vir die volksmond en vir die Afrikaans van die SAUR somer ook terselfdertyd. Wat word van ons stomme taal? Destyds (dit was voor een van die laaste wêreldoorloë, maar ek het al vergeet watter een) ... het 'n masjinië nog gesorg dat 'n trein sy bestemming betyds bereik het, maar vandag se drywers jaag dat die vonke spat om op tyd te wees. Sies vir die moderne ou slappies!" (Brief van "Ou Septimus" in Beeld, 28 Junie 1984)
 - b. "'Ou Septimus' bedoel dit ongetwyfeld baie goed met sy brief, maar hy moet darem nou nie die begrippe verwar nie. Volgens die WAT het 'betyds' die betekenis van 'voor dit te laat is' en 'vroegtydig', soos in die sin: Hy moet hom betyds bedink. Maar die trein loop volgens 'n vasgestelde rooster, en as ek nou by die stasie verneem of 'n sekere trein 'op tyd' is, bedoel ek 'op (sy) vasgestelde tyd'. 'Ou Septimus' sou kon rede hê om baie bekommerd te wees as hy

lees en hoor hoe die verfyndhede van Afrikaans afgetakel word met modewoorde (eintlik snobwoorde) soos implementeer (wat 'uitvoer', 'toepas' en dergelikes verdring), vanuit (wat kasting baie beter as 'uit' is en selfs al in 'n frase soos 'vanuit die staanspoor' gehoor word --- simpel, né?), aanvang (pleks van die spontane en natuurlike 'begin'), basies (wat soms byna betekenisloos is), snoesig (pleks van 'knus'), veel en vele (pleks van 'baie'), dit wat (pleks van net 'wat'), selfs al (pleks van net 'al'), om van die korrekte metrieke simbole nie eens te praat nie." (Brief in Beeld, 11 Julie 1984)

- c. "Lately there has been a steady flow of letters to the newspapers on the subject of mangled English, quoting misuses and mispronunciations on TV and poor grammar and spelling in print, backed up with educational essays ... (B)y far the worst disaster to strike the language in recent years has been the genteel substitute of 'I' for 'me'. Examples: 'they stayed with my wife and I'; 'John gave my friend and I a lift'; 'she visited my mother and I in hospital'. All are wrong. The correct word is 'me' every time." (Brief in die Rand Daily Mail, 27 Julie 1984)
- d. "'Plat' was in Afrikaans nog altyd platweg plât, of 'n mens nou 'platsak', 'platanna' of 'platform' sê. Iemand by die Johannesburgse stasie het nou blykbaar besluit dis nie plât genoeg nie. Gevolglik hoor 'n mens nou tot vervelens aankondigings soos: 'Die trein langs platform so en so ...' Ek hoop die stasiemeester wil hierdie lawwe uitspraak in die baai doen, verpletter, as dit kan, voordat dit 'n nuwe gewoonte word." (Brief in Beeld, 10 April 1984)
- e. "En sedert 'n klompie Afrikaanse TV-mannetjies in 'n hul geradbraakte Engels onderhoude begin voer het, is daar éers 'n fensiegeid. Dié kêrels wil mos nou keurig praat, en helaas volg julle (die brief is gerig aan 'my mede-Boertjies'... --- J.C.S.) hulpe klakkeloos na, want dis die 'in' ding om elke tweede Engelse 'the' as 'thie' uit te spreek: 'thie man', 'thie bank', 'thie wat ôkal'. Kyk, 'n mens sê elegs 'thie' voor 'n woord wat met 'n klinker begin, nl. a,e,i,o,u, byvoorbeeld 'thie other', 'thie evening', ensovoorts. Ook 'thie hotel' is naas 'thie hotel' korrek. En dan kan jy dalk 'thie' sê as jy voor die volgende woord aarsel en daar 'n 'uh' voorkom, byvoorbeeld 'thie'... uh ... problem ...'. So, los nou julle twak." (Brief in Beeld, 11 Maart 1983)
- f. "As drie mense bymekaar is en al drie gaan weg, sê die Engelsman: 'The three of us went'. Dan sê die Afrikaner, mits hy suiwer praat: 'Ons het al drie gegaan' of 'ons het almal gegaan' of 'ons almal het gegaan'. Net as hy 'n letterlik vertaalde Engels praat, sal hy sê: 'Die drie van

ons heg gegaan' of 'Almal van ons het gegaan'." (Hiemstra 1980:88)

- g. "In Kaapstad het 'n vurige jong gegradueerde aspirant-omroeper my as programorganiseerder op 'n dag amptelik genader met die versoek om 'n omroeperstoets af te lê met die oog op 'n moontlike aanstelling as Afrikaanse radio-omroeper. Vir, noem hom maar Léon, was dit niks minder nie as 'n lewensideaal. Toe hy sy mond oopmaak, bemerk ek dadelik sy sterk Malmesburyse bry, en moes ek hom meedeel dat hy hiervan sou moes probeer ontslae raak alvorens sy aansoek oorweeg kon word. Natuurlik, het ek verduidelik, is dit geen spraakgebrek nie, maar word dit beskou as 'n vorm van spreekpraak wat om vanselfsprekende redes liefs vermy moet word by die vaste Afrikaanse omroeper wat landwyd uitsaai. Desondanks was Léon, wat in alle opsigte as 'n baie bekwame kandidaat voorgekom het, so gretig om sy lewensideaal te bereik, dat hy daar en dan besluit om 'n kursus in spraakleer te volg ten einde die bry af te leer. Om kort te gaan, binne twee weke was Léon weer by my op kantoor, net om te vra dat sy aansoek teruggetrek word. Sy antwoord op my vraag waarom hy besluit het om tou op te gooi ná sy klaarblyklike vordering sóver met sy spraakopleiding, was baie betekenisvol. Kort en kragtig het dit daarop neergekom dat Léon, sy hele familie en feitlik almal in die omgewing waar hy opgegroeï het, van kleinsaf bry, en dat hy tot die gevolgtrekking gekom het dat hy met die afleer van sy streekuitspraak al hoe meer van sy familie en vriende vreemd begin voel het." (Brief in Die Vaderland, 26 April 1984)

"Ons stomme taal"; "the worst disaster to strike the language"; "'n lawwe uitspraak"; "fensiegeid"; "julle twak"; "letterlik vertaalde Engels" --- dis almal voorbeelde van die krasse uitdrukkings waarmee taalbeoordelaars soms ander mense se taalgebruik kritiseer. Sulke oordele klink 'n bietjie onwetenskaplik, maar hulle is belangwekkend genoeg om na aanleiding daarvan die paar fasette van taalnorme en taalvoorskrifte te onderskei wat ons in hierdie stuk sal bekyk.

(a) Normering in die algemeen - In 'n paar noodsaaklike inleidende opmerkings word in par. 2 gelet op sake soos die verskillende soorte norme en die verskil tussen die pas gebruikte terme "norm" en "voorskrif".

(b) Oogmerke van taalnormering - Dit blyk uit die aanhalings dat die kritici verskillende oogmerke het met hul voorskrifte. Die skrywer van (lf) lewer kritiek op die vervanging van 'n "suiwer" Afrikaanse konstruksie deur "letterlik vertaalde Engels". Sy oogmerk met (lf) is dus die behoud van taalsuiwerheid. Die oogmerke van taalnormering, asook die geldigheid of ongeldigheid van die verskillende oogmerke, word in par. 3 behandel.

(c) Aspekte en vorme van taalgebruik waarop normering gerig is - Die skrywers van (la) en (lb) lewer kommentaar op woordkeuse, dié van (lc) en (lf) beweer dat bepaalde sintaktiese reëls oortree word. Hierdie voorskrifte het dus te make met verskillende aspekte van taalgebruik, maar voorskrifte kan ook betrekking hê op vorme van taalgebruik. Vir die taal wat 'n mens oor die radio gebruik, is daar blykbaar verskillende voorskrifte of norme as vir die taal wat jy met vriende en familie sal gebruik, suggereer die skrywer van laasgenoemde. In par. 4 let ons op die aspekte en vorme van taalgebruik waarop taalvoorskrifte gerig is.

(d) Taalnormering, taalverandering en taalverskeidenheid - Uit die briewe wat in (la), (lb) en (ld) aangehaal word, blyk dit dat die skrywers bang is vir bepaalde taalveranderings of gekant is daarteen, en hierdie veranderings graag in die kiem wil smoor. In par. 5 gaan ons in op die wisselwerking tussen taalnormering en taalverandering, asook normering en taalverskeidenheid.

(e) Normering en die struktuur van die samelewing - Die skrywer van (lg) vertel van 'n "bekwame kandidaat" wat vanweë sy streekaksent nie in 'n bepaalde betrekking aangestel is nie. Die "Malmesburyse bry" was as gevolg van vereistes wat vir dié pos gestel is, heeltemal onaanneemlik. Die normering van taalgebruik kan soms vergaande gevolge vir sommige lede van die gemeenskap hê --- en dit is die onderwerp van par. 6.

(f) Eienskappe van taalvoorskrifte - In (ld) skryf die kritikus dat die stasie-meester 'n bepaalde uitspraak moet verbied. Taalvoorskrifte het dikwels die eienskappe dat hulle 'n bepaalde uitspraak, woord of

uitdrukking wil verbied en iets anders in die plek daarvan verpligtend maak. Buiten sulke inhoudelike eienskappe het taalvoorskrifte ook ander eienskappe: hulle is soms geldig, en soms ongeldig; dis moontlik of onmoontlik om hulle na te kom en as gevolg daarvan kan hulle doeltreffend wees of nie. Die skrywer van (1b) meen byvoorbeeld dat 'n ander briëfskrywer ongeldige norme vir betyds en masjiniel stel, en uit (1a) kan 'n mens aflei dat vroeër gestelde voorskrifte ondoeltreffend geraak het en dat taalgebruikers hulle nie daaraan steur nie. Die eienskappe van taalvoorskrifte is die onderwerp van par. 7, en die geldigheid wat daarin ter sprake kom, is nie die algemene geldigheid van die oogmerke nie, maar die geldigheid van individuele voorskrifte.

(g) **Middele van normering** - Soos reeds opgemerk, wil die skrywer van (1d) hê dat die stasiemeester sy gesag moet laat geld om 'n gewraakte uitspraak in die ban te doen. Die stasiemeester is in dié besondere geval wel 'n gesagsinstansie wat dit met die hulp van 'n bevel of opdrag sou kon regkry om die woord korrek te laat uitspraak. Dié briëfskrywer bring egter 'n meer algemene vraag na vore: Met watter middele kan normering onderneem word? Dié vraag is die onderwerp van par. 8.

Dis onmoontlik om in hierdie inleidende stuk enige van die genoemde onderwerpe werklik diepgaande te behandel. Sommige bly buite beskouing, soos die kontrole op die doeltreffendheid van taalnormering.

2. Normering

Lede van die gemeenskap, en veral kinders, hoor dikwels uitdrukking soos "Jy moenie", "Jy behoort" of "dit hoort so" of "Dit pas (nie) by jou/by ons/hier/in sulke omstandighede (nie)": "Jy moet jou tande ná ete borsel"; "Jy moenie die woord *meid* gebruik nie"; "Jy behoort vir so 'n ou man oom of u te sê en nie sommer *jy* en *jou* nie"; "Sies, mens gebruik nie sulke lelike woorde in die geselskap nie --- waar kom jy daaraan?"

Die sprekers probeer die aangesprokenes in sulke gevalle leer hoe hulle hulle moet gedra of nie moet gedra nie. Hierdie opvatting oor hoe 'n mens jou moet gedra of nie moet gedra nie, staan bekend as norme. Van Doorn en Lammers wat hierdie definisie van 'norme' verstrekk, onderskei daarmee twee soorte norme: "positiewe norme, geboden, en negatiewe norme, verboden"

[1967:92). Norme sou 'n mens natuurlik ook kan beskou as iets meer as opvattings; volgens sommige definisies is norme riglyne vir gedrag en beoordeling van gedrag. In ensiklopedieë en leksikons word die terme norm en reël min of meer as sinonieme gebruik. *Encyclopedie van de filosofie* (Kuipers 1977) konstateer by norm dat dit van Latyn *norma*, letterlik "winkelhaak" kom (*Runes se Dictionary of philosophy* vermeld ná *norma* "rule"), en verskillende betekenisse het: beoordelingsmaatstaf, rigsoer, reël, voorskrif. Dit is ook die vier woorde wat die Grote Winkler Prins onder norm verstrek, terwyl die *Encyclopaedia Britannica* se *Micropaedia* sy kort artikel begin met die woorde: "Norm, rule or standard of behavior ...". *Runes* vermeld ses gebruike van die term *norm*:

"(a) General: Standard for measure. Pattern, Type. (b) In ethics: Standard for proper conduct. Rule for right action. (c) In axiology: Standard for judging value or evaluation. (d) In aesthetics: Standard for judging beauty or art. Basis for criticism. (e) In logic: Rule for valid inference. (f) In psychology: Class average test score." (*Runes* 1964:212)

Taalnorme laat 'n mens aan sowel (b) as (c) en (d) dink: hulle is reëls vir korrekte optrede en behoorlike gedrag, hulle funksioneer soms as maatstaf vir waardebeoordeling en hulle kan dien as basis van kritiek. Tot in dié stadium is die terme *norm*, *reël* en *voorskrif* nie goed van mekaar onderskei nie; dit sal ons in die volgende twee onderafdelings probeer doen. 'n Paar ander aspekte van normering kom daarna aan die orde.

2.1 Konstitutiewe en regulerende reëls

Sommige taalkundiges en filosowe tref 'n onderskeid tussen regulerende en konstitutiewe (of konstituerende) reëls. "Regulative rules" of regulerende reëls (of *normatiewe reëls* aldus Ducrot-Todorow (1979:343)) is volgens John Searle reëls wat 'n vorm van gedrag reguleer wat reeds vantevore, onafhanklik van die reëls, bestaan het. Balle etiketreëls reguleer byvoorbeeld betrekkings tussen mense; die betrekkings sou ook sonder hierdie reëls bestaan het. "Constitutive rules" of konstitutiewe reëls reguleer nie alleen gedrag nie, maar skep of definieer nuwe gedragsvorme. Die reëls van sokker of skaak reguleer nie alleen die spel van sokker of skaak nie, maar skep as't ware die moontlikheid om sokker of skaak te speel. Die aktiwiteite sokker en skaak word gekonstitueer deur te handel volgens hierdie reëls.

"Mensen kunnen best met hun wijsvinger tegen hun voorhoofd tikken, maar het is pas interpreteerbaar als kommunikatieve handeling doordat er regels bestaan die dat gebaar betekenis geven. De regels zijn voorwaarden voor het bestaan van de handeling als zodanig." (Appel e.a. 1979:35)

Regulerende reëls reguleer 'n reeds bestaande aktiwiteit wat logies onafhanklik van die reëls bestaan. Konstitutiewe reëls konstitueer 'n aktiwiteit waarvan die bestaan afhanklik is van die reëls.

Searle wys op 'n verskil in die wyse waarop ons die twee soorte reëls kan parafraseer. Dis tiperend van regulatiewe reëls dat hulle in die gebiedende wyse staan of in dié vorm geparafraseer kan word: "Hou jou mes in jou regterhand as jy kos sny." Ook in sisteme van konstitutiewe reëls het sommige reëls hierdie vorm, maar bepaalde konstitutiewe reëls neem 'n ander vorm aan: "Daar is sprake van skaakmat as die koning sodanig aangeval word dat daar geen enkele skuif meer gemaak kan word wat sal verhoed dat hy regstreeks aangeval word nie." Wat dié reël ons blykbaar aanbied, is 'n deel van die definisie van skaakspel (Searle 1969:33-35).

Die eenvoudigste voorbeeld van konstitutiewe reëls in die logika en linguistiek is die rekursiewe reëls (Bartsch 1982:56) wat sinne van 'n kunstaal definieer op die wyse waarop Verkuyl e.a. (1978:318-327) dit uiteensit. Die oortreding van sulke reëls lei tot ongrammatiese sinne, sinne wat nie meer deel is van die taal nie.

"Only expressions that are structured according to these rules are formulas, i.e. expressions that are well-formed in L, and which we deal with in L. In other words, the formation rules define the notion of 'correct expression in L'." (Bartsch 1982:56)

Die sintaktiese reëls van 'n taal (formasie- en transformasiereëls) definieer die begrip 'sin in T' skryf Bartsch. Dis egter problematies, omdat die begrip 'sin in T' primêr onafhanklik van hierdie reëls verstaan word. Die sisteem van reëls moet dus begryp word as 'n rekonstruksie van daardie begrip binne 'n taalteorie.

"Thus, these rules are constitutive in the language reconstruction in that they define 'expression, or sentence, in that system'. These expressions, constructed by the system, correspond to expressions of the language outside the reconstruction system. In this way, they can be called

reconstructions of the expressions, and especially sentences, of the language in question." (Bartsch 1982:57-58)

Die reëls van die taal is konstitutiewe reëls soos Appel e.a. dit met behulp van 'n paar voorbeelde verduidelik.

"Regels die bestaand gedrag reguleren zijn bijv. 'jongens huilen niet', 'meisjes lachen altijd'. Huilen en lachen komen voor onafhankelijk van zulke regels. Taalhandelen bestaat bij de gratie van konstituerende regels. Spreken en schrijven zijn geen 'natuurlijke' handelingen zoals huilen en lachen, lopen en vissen. Daarom is er ook geen ander verantwoording voor kommunikatief handelen dan 'zo zijn nu eenmaal de regels'." (1979:36)

Moet 'n mens taalnorme nou beskou as regulerende reëls en die reëls van die grammatika as konstitutiewe reëls? Die antwoord op die vraag hang af van wat 'n mens alles as taalnorme beskou. Indien 'n mens normatiewe reëls baie eng sien as blote voorskrifte, laat hulle 'n mens wel aan regulerende reëls dink. Dis moontlik om doeltreffend te kommunikeer ook al oortree jy in dié proses 'n voorskrif soos "Jy moenie 'vervang met' sê nie, maar 'vervang deur'". Maar baie reëls van die taal herinner 'n mens ook aan norme. Ook van norme kan 'n mens sê "Zo zijn nu eenmaal de regels". Daar is wel 'n verskil in die manier waarop 'n mens taal aanleer en die manier waarop ons ander soorte (nie-talige) norme aanleer, maar dis duidelik dat die geïnternaliseerde grammatika en pragmatiese reëls van die taalgebruik die taalgebruiker se gedrag beïnvloed op die wyse waarop ander soorte norme ander gedragsvorme bepaal. Dit sal 'n oortreding van die heersende norme wees om op 'n wetenskaplike kongres allerlei "plat" etniese en seksuele uitdrukkings van die verhoog af te gebruik; so iets is egter ook 'n oortreding van die pragmatiese reëls (vergelyk par. 3.2 hieronder). Die geïnternaliseerde grammatikareël en pragmatiese reël van die taalgebruiker is vir hom ook 'n geïnternaliseerde norm, al is sommige van die taalreëls miskien meer dwingend as party nie-talige norme. Maar ook taalnorme is nie ewe dwingend nie.

Pogings om aan ander mense norme te leer, of bestaande norme by hulle in te skerp, vorm deel van 'n lewenslange sosialisasieproses, dit wil sê die proses waardeur 'n individu die kultuur van sy groep of gemeenskap aanleer, en hom leer gedra op 'n wyse wat vir sy groep of gemeenskap aanvaarbaar is. Ook sommige taalreëls leer ons as deel van die sosialisasieproses.

Engelssprekende kinders moet byvoorbeeld geleer word dat *go*, *come* en ander werkwoorde onreëlmatige vorme het (vergelyk ook par. 7.3 hieronder).

2.2 "Egte norme" teenoor "voorskrifte"

'n Mens kan onderskei tussen geïnternaliseerde norme of verinnerlikte norme enersyds en afgedwonge norme andersyds. Sommige norme word deur opvoeding en sosialisasie deel van die persoonlikheid sodat 'n mens "outomaties", "van binne uit", sonder beloning of straf, jou gedrag volgens hierdie norme rig. Die ander norme word "van buite af" gestel en deur positiewe of negatiewe sanksies gesteun. (Positiewe sanksies is onder meer aanvaarding deur die gemeenskap of statustoekenning, en negatiewe sanksies is onder meer straf by die oortreding van regsnorme.)

Renate Bartsch onderskei tussen "voorskrifte" en "egte norme". Wanneer die gemeenskap 'n bepaalde riglyn onder druk nakom, bestaan hierdie riglyn vir die gemeenskap as 'n voorskrif. Indien die gemeenskap die riglyn geïnternaliseer het en dit sonder eksterne druk as rigsgoer vir gedrag en korreksie van gedrag gebruik, bestaan dit vir die gemeenskap as 'n egte of ware norm. Alle Afrikaanssprekendes volg van nature die reël dat die werkwoord of eerste lid van 'n werkwoordverbinding die "tweede plek" inneem (ná die onderwerp of bywoordelike bepaling) in 'n hoofsin. 'n "Reël" wat eenmaal gemaak is dat die kombinasie *sou kon* of *sou wou* ongrammaties is en altyd deur *sou kan* en *sou wil* vervang moet word, was waarskynlik vir die meeste taalgebruikers wat van die reël bewus was, 'n voorskrif. Ware norme is vergelykbaar met konstitutiewe reëls, en voorskrifte met regulerende reëls. Wie die ware norme oortree, lewer nie-sinne of gebruik korrek gevormde sinne op 'n nie-geoorloofde wyse.

Dis soms moeilik om die verskil tussen 'n voorskrif en 'n norm te bepaal. Dis moontlik dat 'n bepaalde reël (hier gebruik vir die formulering van sowel 'n ware norm as vir 'n voorskrif) vir die normeerder en 'n deel van die taalgemeenskap reeds, of nog altyd, 'n geïnternaliseerde norm is, terwyl dieselfde reël vir ander taalgebruikers nog nie 'n norm is nie of nie meer 'n norm is nie en vir hulle voorskriftelik voel. Formuleer Hiemstra in (1f) 'n ware norm of 'n voorskrif? Sou 'n mens hom 'n taalnormeerder of 'n voorskrywer of preskriptivis noem? Dis 'n vraag wat 'n mens waarskynlik ten opsigte van elke individuele reël sal moet ondersoek. 'n Normeerder kan in elk geval nie --- as 'n mens Bartsch streng navolg ---

norme neerlê of stel nie; die normeerder (her)formuleer alleen norme wat reeds bestaan en verder kan hy voorskrifte neerlê wat hy waarskynlik hoop eendag norme sal word. (Soos dit uit par. 3.3 sal blyk, is daar soms geldige redes waarom normeerders voorskrifte kan neerlê.) In hierdie stuk sal ek van "normeer", "normering" en "normeerder" praat waar daar sprake is van die formuleer van egte norme, asook reëls waarvan 'n mens twyfel of hulle norme of voorskrifte is; "voorskryf", "voorskrywer" en "preskriptivis" word in verband met duidelike voorskrifte gebruik.

2.3 Werklike gedrag en verwagte gedrag

R.C. Kwant skryf dat 'n norm méér is as 'n verwagting; wanneer ons wil sê wat 'n norm is, moet ons ons toevlug neem tot woorde soos moet en behoort.

"Het klinkt paradoxaal, maar de norm brengt niet tot uitdrukking wat is. Hij stelt eisen aan datgene wat is of zal zijn. Door normen te stellen, strekken wij ons als het ware uit in de leegte van het 'niet zijn'; wij vervullen de leegte met een 'moeten zijn' en wij eisen dat het feitelijke zijn aan dit 'moeten zijn' beantwoordt." (1964:18)

Maar dit wat is (of: dit wat in werklikheid voorkom) kan dit wat behoort te wees (of behoort voor te kom) soms heeltemal oorweldig. Sodoende word die "verkeerde" al hoe "regter", al hoe normaler, en word dit op die ou end die normaalste en die regste. Dit wat afwyk van die etiese of sosiale norm word naderhand statisties normaal. Op grond van statistiese voorkoms kan 'n gedragspatroon dus mettertyd die norm word. Norm in hierdie betekenis verwys na statisties bepaalde gedrag, houding of mening van 'n sosiale groep --- werklike gedrag, en nie na verwagte of vereiste gedrag nie.

Dit lyk byvoorbeeld of brutaal en eventueel al hoe meer in hul "Engelse" betekenis gebruik word, en 'n taalgebruiker sou maklik vir 'n taalnormeerder of preskriptivis kon sê:

"Vir my is brutaal en eventueel nie die goed wat jy sê hulle behoort te beteken as ek hulle sogenaamd 'reg' gebruik nie. Brutaal is 'wreed' en eventueel 'uiteindelik', en almal wat ek ken, gebruik dit so. Julle wat dink dat julle kasting reg is, ekskuus, gelyk het, is die abnormales; g'n normale mens sê eventueel vir 'moontlik' nie."

2.4 Norme en waardes

Norme is spesifieker en dwingender as waardes. Eerlikheid is 'n waarde, maar die reëls wat spesifiseer wat eerlike gedrag in 'n bepaalde situasie is, is norme. Kwant skryf dat 'n norm altyd van ons vra om 'n bepaalde waarde te eerbiedig, en 'n norm verbied ons om waardes aan te tas of te negeer. Wie ongevoelig vir 'n bepaalde norm is, is ongevoelig vir die waarde wat daarmee saamhang en omgekeerd (1964:25). Die oogmerk van taalvoorskrifte en -norme is ook die bevordering van bepaalde waardes. Op grond van 'n morele waarde kan 'n normeerder die voorskrif neerlê dat taalgebruikers aanstootgewende etniese benamings moet vermy.

2.5 Kritiek op norme

Dis sonder meer noodsaaklik, skryf Kwant, dat die feitlik heersende norme aan 'n kritiese ondersoek onderwerp word. Hierdie kritiek mag egter nie sonder meer 'n verwerping van norme wees nie. Die kritiek moet onderskei tussen norme wat ten onregte gesanksioneer word en dié wat werklik daar behoort te wees (1964:106). Voorbeelde van kritiek op taalvoorskrifte is volop: die Engelse voorskrif dat 'n mens "It's I" moet sê en nie "It's me" nie, word in talle handboeke gekritiseer. Kritiek op taalnorme kom wel voor (vergelyk onder meer Meillet se kritiek op Duits (1921:213-214), maar oor die algemeen laat dié soort kritiek 'n mens dink aan die Tsjechov-karakter wat gesê het dat hy die slegte weer wat hy ondervind het, beslis nie kan goedkeur nie. Kritiek is alleen sinvol as dit op die een of ander manier op mense gerig is, byvoorbeeld mense wat die oorsaak daarvan is dat 'n bepaalde reël bestaan. So kan 'n mens die reël kritiseer wat sou wil in plaas van sou wou verpligtend wou maak, miskien selfs die "onlogiese" wyse van getalsbenoeming van Afrikaans, Nederlands en Duits teenoor die "logiese" stelsel van Engels, maar dis onsinnig om die reël te kritiseer wat die tweede nie by sommige ontkenningssinne verpligtend maak. Tog kom kritiek op reëls soos laasgenoemde (reëls wat nie doelbewus deur taalgebruikers opgestel is nie) dikwels voor, en wel by taalhervormingspogings (vergelyk par. 3.3 hieronder).

3 Die oogmerke van taalnormering

Watter oogmerke kan taalnormeerders hê, en is hierdie oogmerke geldig? Meer grondliggend: Is normering van enige aard eintlik geldig? Laasgenoemde vraag kom by 'n mens op na aanleiding van die woorde *Leave Your Language Alone* --- die titel van die eerste druk van Robert A. Hall se boek *Linguistics and your language* (1950). Hall beweer o.m.:

"There is no such thing as good and bad (or correct and incorrect, grammatical and ungrammatical, right and wrong) in language A dictionary or grammar is not as good an authority for your own speech as the way you yourself speak."
(1950:6)

Selfs al beperk jy jou net tot die gesproke taal, is hierdie standpunt onhoudbaar. Is die Afrikaanssprekende wat dikwels Engels lees en name gebruik soos *Poland* en *Brussels* pleks van *Pole* en *Brussel* dan reg? Of iemand wat die betekenis van 'n woord op 'n afwykende wyse gebruik? Veral in die skriftelike taalgebruik kan 'n mens "foute" aanwys wat sonder meer foute is sonder aanhalingstekens. Stutterheim gee voorbeelde daarvan, onder meer die volgende briefie van 'n ouer aan 'n onderwyseres:

Juffrouw,
de rede dat Wim thuis is gebleven omdat hij van nacht
overgegeven dus niet geslapen het is nu weer een beetje gezakt
hij wilde naar school

Na aanleiding daarvan merk Stutterheim op:

"Ik overdrijf vermoedelijk niet en ben niet pessimistisch of defeatistisch, als ik beweer, dat meer dan de helft der Nederlanders de taal op een dergelijke wijze beheerst."
(1964:78)

Dit geld volgens hom ook vir die gesproke taal (1964:79). Taalgebruik sou werklik 'n besondere vorm van gedrag gewees het as mense nooit foute begaan het nie.

Die taalkennis van alle taalgebruikers wyk iets af van dié van ander gebruikers en veral dié van die geïdealiseerde taalgebruiker. In een opsig verskil almal se taalkennis: geen individu ken waarskynlik presies dieselfde woorde as 'n ander individu nie. Verder kan iemand se taalkennis in sommige opsigte foutief wees: hy kan 'n woord gebruik met 'n verkeerde

betekenis of hy kan dit verkeerd uitspreek. Dis selfs moontlik dat hy bepaalde grammatika- en pragmatiese reëls gereeld verkeerd toepas.

Die taalpraktisyn wat sy taal in sy prille jeug baasgeraak het, merk gou dat hy talle aspekte van sy taal soms nie ken nie, dat hy onseker is oor die gebruik van talle woorde: Wat is die verskil tussen 'n kommissie en 'n komitee? Is die diktatorskap en sensorskap wat hy so dikwels hoor gebruik, die regte woorde? Moet 'n mens sê: Ek maak minstens of ten minste nie dié soort fout nie? Of begaan jy foute? Is dit my moraal of my moreel wat so langsaamhand of stadigaan na sy peetjie gaan oor al my twyfel?

Is dit: Hy het gemeen dat, indien hy "fout maak" sê, die normeerder gaan sê dis verkeerd? Of is dit: Hy het gemeen dat indien hy "fout maak" sê, gaan die normeerder sê dis verkeerd? Of is albei ewe reg? Die taalpraktisyn het die hulp van die normeerder nie net nodig vir die toeligting van reeds bestaande norme nie, maar ook vir nuwe probleme soos terme vir nuwe sake en begrippe; asook taalveranderinge as gevolg van onder meer taalkontak.

Taalnormeerders moet taalgebruikers egter dikwels ook wys op grammatika- en pragmatiese reëls wat hulle gebrekkig toepas vanweë geheuebeperkings, verslapping van die aandag en ander faktore wat slordige taalgebruik en onaanneemlike uitinge veroorsaak.

Daar is twee hoof-redes waarom normeerders taalfoute bestry. Die eerste is 'n heel praktiese rede: Die taalgebruiker se foute kan kommunikasie benadeel. Die hoof-oogmerk van 'n normeerder is derhalwe die bevordering van kommunikasie. Bartsch formuleer dit as volg:

"Spreker, druk jouself op so 'n wyse uit dat wat jy sê, herkenbaar en interpreteerbaar vir die hoorder is en in die hoogste mate in ooreenstemming met wat jy hom wil laat verstaan".

"Hoorder, interpreteer op so 'n wyse dat die resultaat van interpretasie in die hoogste mate in ooreenstemming is met wat die spreker jou wil laat verstaan." (1982:73)

Odendal (1983) praat in dié verband van die "absolute" of "universele" norm: dit is absoluut "omdat hierop geen uitsondering bestaan nie" en dit is universeel "omdat dit vir alle tale geld. Dit sou 'n mens só kon

saamvat: die spreker moet uitdruk wat hy wil uitdruk, nie iets anders nie."

Dis onder meer

"...universeel fout om 'n woord in 'n verkeerde betekenis te gebruik, byvoorbeeld om te sê:

*Die onderwyser het my vandag gefnuik

as die bedoeling is 'verkul, te kort gedoen'.... ." (1983:66)

Hierdie soort fout kan kommunikasie heeltemal laat misluk, maar daar is ook reël-oortredings wat kommunikasie "net" kan belemmer. Iemand wat byvoorbeeld 'n pragmatiese reël oortree (vergelyk par. 3.2 hieronder) en 'n onvanpaste woord gebruik, kan sy gespreksgenote laat reageer op 'n manier wat hom kan benadeel, of verdere kommunikasie moeiliker maak. (Dit kan byvoorbeeld gebeur met 'n dokter wat 'n "plat" woord vir 'n liggaamsdeel teenoor 'n skamerige vrouepasiënt gebruik of met iemand wat 'n guns vra, en 'n uitdrukking gebruik wat die hoorder irriteer of afstoot.) Irritasie by die hoorder of leser oor die spreker of skrywer se (vermeende) foute kan die doeltreffendheid van kommunikasie beïnvloed.

'n Taalnormeerder kan egter ook 'n tweede hoof-oogmerk hê: Taalgebruik wat op die een of ander wyse foutief is, kan, hoewel dit kommunikasie nie danig in die wiele ry nie, vir die normeerder net so 'n doring in die vlees wees as wat 'n sosiale wantoestand 'n sosiale hervormer kan hinder.

Taalnormering is inderdaad soms, soos in Turkye, deel van 'n program van sosiale hervorming. Soos ander hervormers is taalnormeerders mense wat die gemeenskap wil verbeter deur doelbewuste optrede. Vir bepaalde vorme van taalnormering is woorde soos "taalbeplanning" en "taalmodernisering" gebruiklik. Taalnormeerders word partykeer gelei deur algemene waardes soos estetiese waardes en morele waardes (Onder meer begrip vir bevolkingsgroepe wat aanstoot neem aan bepaalde woorde en uitdrukkings; die strewe om 'n gemeenskap te bevorder deur onder meer standaardisering en modernisering van die taal; getrouheid aan 'n taal, ensovoorts; met die bevordering van kommunikasie dien 'n mens ook 'n waarde).

Die meer spesifieke soorte oogmerke van taalnormeerders hou almal regstreeks of onregstreeks verband met die twee hoof-oogmerke: die kommunikasie-oogmerk en die ander waarde-oogmerk. Aspekte van die meer spesifieke norme en oogmerke word vervolgens bespreek.

3.1 Grammatikaliteit

Die oogmerk van taalnormeersders is dikwels om te sorg dat taalgebruikers in ooreenstemming met die grammatikareëls skryf en praat. In samehang met die oogmerk van pragmatiese korrektheid (par. 3.2 hieronder) is dit 'n heeltemal geldige oogmerk. Oortredings van grammatikareëls kan kommunikasie bemoeilik en is hinderlik vir die taalgevoel van die taalgebruikers. In die praktyk lewer die oogmerk van grammatikaliteit soms probleme vir taalnormeersders (afgesien van 'n belangrike kwessie wat hier buite beskouing bly, naamlik dat 'grammaties' 'n teoretiese begrip is wat gekoppel is aan 'n bepaalde reëlsisteem; of daar by 'n twyfelagtige sin sprake is van ongrammatisiteit, semantiese anomalie of onaanneemlikheid, hang af van die taalteorie wat veronderstel word --- eweneens die antwoord op die vraag of 'n mens grammatisiteit en ongrammatisiteit as absolute of graduele eienskappe moet beskou sodat daar grade van grammatisiteit onderskei word).

'n Eerste problematiese kwessie vir die taalnormeerder is die feit dat die grammatikareëls soms bewustelik oortree word ter wille van kommunikasie.

Die strukturalis Anton Reichling (1950:735) beklemtoon in verskillende van sy artikels dat die taalsisteem net in 'n beperkte mate dwingend is. Die taalgebruikers kan op verskillende punte van die sisteem afwyk sonder dat kommunikasie verbreek word. Die taalsisteem is 'n "manier van doen" waarvan 'n mens soms sonder gevaar van misverstand kan afwyk net soos wat jy van ander gedragsvorme kan afwyk (1950:735). In die alledaagse omgang wyk ons soms doelbewus van die reëls van die grammatika af, soos wanneer moeders "ma-taal" ("motherese") met jong kinders praat, of moedertaalgebruikers hul taal vereenvoudig wanneer hulle met anderstaliges praat wat hul taal nie goed verstaan nie.

Renate Bartsch (1982:74) skryf daar is situasies waarin 'n mens die kommunikasienorm juis in gevaar bring wanneer jy spesifieke norme onbuigsaam toepas. Dit hou in dat dit soms onnodig is om 'n spesifieke norm na te kom as dit kommunikasie kan belemmer. Onbuigsame korrektheid met betrekking tot so 'n norm kan lei tot onkorrektheid met betrekking tot die hoogste norm, naamlik kommunikasie.

Die tweede verskynsel wat dit vir taalnormeërders moeilik maak, is die feit dat taalnorme, net soos nie-talige norme, kan verander. Daar is op een en dieselfde tyd reëls wat vir die hele gemeenskap norme is omdat die taalgebruikers hulle outomaties gehoorsaam, maar daarby ook (gewese) norme wat op pad is "uit" en gewese voorskrifte wat besig is om "in" te raak: ware geïnternaliseerde norme. So is die taboe op die gebruik van sommige etniese benamings ook in sommige spreektaalsituasies, besig om op groot skaal 'n ware norm te word. Minder as 'n halfeeue gelede is hierdie woorde (in verskillende tale) nog sonder skroom in koerantberigte en -opskrifte gebruik.

In 'n tyd van verandering is daar dikwels onsekerheid oor reg en verkeerd. Is 'n besondere twyfelgeval naamlik 'n oortreding van 'n grammatikareël, met ander woorde 'n taalfout, of is dit 'n voorbeeld van 'n verskynsel wat grammaties raak in terme van 'n nuwe grammatikareël, verlies van 'n ou reël of iets dergeliks? Is met dit, van dit en by dit pleks van daarmee, daarvan en daarby ongrammaties omdat die voorsetselpermutasiereël verplig is, of is die eerste vorme toelaatbaar omdat hierdie reël miskien nie meer verplig is nie, maar 'n opsionele reël geword het, selfs vir taamlik formele situasies? Vir die normeërders is dit moeilik om altyd te besluit of hy 'n grammatiese norm stel, of dalk 'n ouer stadium van die taal. Stutterheim skryf:

"Onze taal heeft een geschiedenis, doordat honderden malen het verkeerde goed en het goede verkeerd is geworden."
(1967/1978:68)

'n Derde problematiese verskynsel vir taalnormeërders is die verskeidenheid van taal. Naas dialekverskille is daar verskille wat korreleer met die sosiale posisie van die taalgebruiker, sy leeftyd, geslag en soms ook godsdiens of etniese groep. Verskillende variante word deur sommige taalgebruikers as foute ervaar. Naas *jij hebt* en *hij heeft* kan Nederlands ook *jij heb* en *hij heb*, terwyl daar in verskillende vorme van Engels naas *She likes him* en *He doesn't know a lot* variante voorkom soos *She like him* en *He don't know a lot*. Is *jij heb* en *she like* geldige "korrekte" variante van *jij heeft* en *she likes*?

Verskeidenheid is egter 'n iets minder groot probleem as 'n mens dit beskou in samehang met 'n ander verskynsel, naamlik die reikwydte van norme.

Van Doorn en Lammers haal 'n bruikbare onderskeiding van R. Linton aan, naamlik dié tussen universele, spesiale en alternatiewe norme (1967:94). Universele norme geld vir alle volwassenes in die samelewing wat goed by hul verstand is. Die norm dat 'n mens nie warm kos sonder eetgerei met die hand nuttig nie, is in ons samelewing 'n universele norm. Die reeds aangehaalde reël in verband met die plasing van die werkwoord in 'n hoofsin is in die Afrikaanse taalgemeenskap 'n universele norm. Spesiale norme het net betrekking op bepaalde maatskaplike groepe. Die norm dat 'n mens nie met ongedekte hoof in die openbaar verskyn nie, geld spesifiek vir die kategorie van militêre. Hierdie kategorie ken ook bepaalde sleng-woorde, en 'n militêr sou die norme vir die omgangstaal van die groep oortree as hy sistematies alle slengwoorde vervang deur woorde uit die standaardtaal. Daar geld eweneens spesiale norme vir studentetaal en die groeptaal van sekere werkers. Bepaalde reëls het in 'n dubbele opsig 'n beperkte reikwydte: hulle geld vir spesifieke groepe (soos studente, soldate of ander groepe) en net vir spesifieke situasies. Ten slotte is daar alternatiewe norme, gedragsreëls wat na keuse vir allerlei groepies en enkelinge geld, maar nie algemeen erken word as geldend vir bepaalde sosiale groepe nie. Die norme wat reël watter soort skoene 'n mens behoort te dra, is tipiese alternatiewe norme. Op taalgebied sal 'n mens alternatiewe norme onder meer aantref by reëlins vir 'n bepaalde huisgesin. Die reëls vir die radio (vergelyk onder meer par. 4.2 hieronder) is waarskynlik ook alternatiewe norme. Die normeerder moet dus rekening hou met die moontlikheid van norme wat vir alle groepe en in alle soorte situasies geld, maar ook met norme wat net op spesifieke taalvariëteite van toepassing is. Die oogmerk van grammatistiteit kom in hoë mate ooreen met wat Bartsch (1982:72-73) die "norme van die produk" (teenoor "die norme vir die gebruik van kommunikasiemiddele") noem. Hierdie norme het betrekking op die voorkoms van die kommunikasiemiddele, en normeer hul fonemiese, grafemiese, morfemiese, sintaktiese en intonasie-eienskappe.

3.2 Pragmatiese korrektheid

'n Sin moet nie alleen korrek opgebou word, dit wil sê grammaties of welgevormd wees nie, maar dit moet ook korrek gebruik word. In 'n informele gespreksituasie sal 'n sin soos (2) op grond van sy woordkeuse en sinsbou onvanpas klink ondanks sy grammatistiteit:

- (2) Nadat die aanvaller my derhalwe op genoemde wyse ernstige liggaamlike letsels besorg het, het ek begin om myself te verdedig deur hom verskeie houe met my gebalde vuus toe te dien en hom te skop, in die proses waarvan ek, soos daar naderhand vasgestel is, sy patella gekraak het, maar gelukkig het daar na enkele minute 'n onbekende persoon opgedaag wat my sy hulp aangebied en dit inderdaad ook verleen het, en wel op 'n sodanig effektiewe wyse dat die aanvaller spoedig die aftog moes blaas.

Die taalgebruiker is op grond van sy pragmatiese kennis in staat om te weet watter sinne in watter soort situasie pas, watter gebruik kan word om 'n gesprek te beëindig, te begin en voort te sit, ensovoorts. Dit kan nou die oogmerke van 'n normeerder wees om vir 'n taalgebruiker hierdie soort norme te leer of in te skerp --- of dit kan wees dat hy die bestaande pragmatiese reëls om die een of ander rede wil verander. Laasgenoemde kan hy miskien beoog vanweë morele redes. Wanneer die leier van 'n politieke party aan lede van die party die opdrag gee om nie bepaalde etniese benamings op 'n partykongres te gebruik nie (soos onlangs in Suid-Afrika gebeur het), probeer hy doelbewus om die pragmatiese norme van 'n groep taalgebruikers te verander en dit in ooreenstemming te bring met die norme van ander taalgebruikers.

E.B. van Wyk gee in 'n artikel oor sosiolinguistiese norme voorbeelde van norme in die woordeskat, uitspraak en sintaksis. Die voorkoms van bepaalde uitspraakverskynsels soos die volgende hang volgens Van Wyk (1978:113) saam met die formaliteit van die taalgebruik: die voorkoms daarvan neem toe in informele spraak en neem af in formele spraak:

- woordverkorting byvoorbeeld Wa' 's 'ie fout? teenoor Wat is die fout?; Het 'le gekom? teenoor Het hulle gekom?; bojaan teenoor bobbejaan, ensovoorts;
- Vokaalverswakking, byvoorbeeld hit hy gekom? teenoor het hy gekom?; sal jy help? teenoor sal jy help?;
- /r/-weglating, soos waa' teenoor waar, daai teenoor darie en daardie;
- /d/-reduksie, byvoorbeeld hanne teenoor hande;
- /t/-verswakking, byvoorbeeld boddel teenoor bottel;

nie- en die-reduksie, byvoorbeeld ek weet 'ie teenoor ek weet nie, oppie teenoor op die.

Taalnormeerders kan op die oortreding van sulke norme wys en vereis dat hulle nagekom word. Van Wyk skryf dat daar nie altyd genoegsame gevoeligheid vir Afrikaans uitspraaknorme bestaan nie. Daar is byvoorbeeld 'n taamlik algemene neiging onder Afrikaanse akteurs om deurgaans nie-reduksie te gebruik, ook in eksplisieter, formeler taalgebruik waarin dit dan steurend aandoen. 'n Ander oortreding van die norme het voorgekom toe die SAUK jare gelede aangedring het op die vorme *Jannewarie* in plaas van *Januarie*, *hanne* in plaas van *hande*, *Ingels* in plaas van *Engels*, *Melang* in plaas van *Malan*, ensovoorts.

"Die teenstand wat dit uitgelok het was, soos dit vir my lyk, nie soseer te wyte aan oningeligtheid nie, as aan die aanvoeling dat dié informele vorme nie pas in die formele aankondigingsituasie nie." (Van Wyk 1978:113)

'n Ander voorbeeld van pragmatiese norme is dié wat dit vir sprekers in 'n diglossie-situasie onmoontlik maak om die hoë variëteit in gesprekke te gebruik sonder om "artificial, pedantic, snobbish or reactionary" (Trudgill 1974:118) aan te doen.

Hierdie pragmatiese norme kom in groot mate ooreen met wat Bartsch die "norme vir die gebruik van kommunikasie-middele" noem. Hierdie norme reguleer volgens haar die interpretasie van uitdrukkings in gebruikssituasies (1982:73). 'n Groot deel van die omstredenheid van sommige berugte norme is te wyte daaraan dat die pragmatiese reëls onvoldoende of selfs glad nie in aanmerking geneem word. Die Nederlandse vorme *jij heb* en *hij heb* is korrek in bepaalde informele gespreksituasies, maar is onvanpas in formele situasies soos preke of radionuusuitsendings.

Die nastreef van bepaalde morele waardes gaan dikwels gepaard met pogings om pragmatiese reëls te verander. Sulke normeerders probeer dan byvoorbeeld om die taboe op die gebruik van sekere woorde uit te brel of in te kort. Hierdie soort "normering" is nie meer 'n suiwer taalkundige of sosiolinguisitese aangeleentheid nie, ook omdat ander prinsipiële sake daarby ter sprake kom soos letterkundige gehalte van boeke, die wenslikheid al dan nie van sensuur, ensovoorts. Sommige strydvrage is nog nie behoorlik uitgemaak nie. Een is of die SAUK werklik --- soos al beweer is --- Afrikaans "ontman" deur te weier om die kragtiger kragterme in televisiestukke

toe te laat. 'n Tweede is of Afrikaanse boeke gesuiwer moet word van etniese benamings. 'n Siening wat myns insiens nie deug nie, is dat die radio en televisie alles moet kan weergee wat in 'n normale nie-afgeluisterde informele gespreksituasie tussen vriende gesê kan word. Hier is sosiolinguistiese reëls op die spel wat 'n volkome spieëlbeeld van werklike taalgebruik uitskakel.

3.3 Taalstandaardisering

Taalstandaardisering is een van die belangrikste oogmerke van taalnormering om kommunikasie te bevorder. P.C. Paardekooper skryf in die inleiding tot sy *ABN Gids* (s.j.) dat elke stad en dorp in Frankryk sy eie dialek het. Iemand uit Marseille en 'n inwoner van Verdun verstaan byna niks van mekaar se dialekte nie. 'n Reisiger uit Oos-Frankryk sal met sy mond vol tande staan as hy in 'n Wes-Franse hawe in sy dialek vra waarvandaan bote na Amerika vertrek. Vir die handel, kultuur, toerisme, verkeer, industrie en dergelike is dit van die allergrootste belang dat daar 'n Franse eenheidstaal bestaan wat alle dialekte as't ware oorspan. Elke dialektspreker wat vooruit wil kom, moet 'n bietjie moeite doen en die eenheidstaal vlot leer praat en skryf, en as alle sprekers van die taal dit doen, beteken dit vir die eenheidstaal 'n geweldige mag (Paardekooper s.j.: IX-X).

Hierdie eenheidstaal wat ons ook die "kultuurtaal", "algemeen-beskaafde taal" of "standaardtaal" kan noem (hier word voortaan laasgenoemde term gebruik) is vir enige land met 'n groot taalverskeidenheid 'n noodsaaklikheid. Die totstandkoming van 'n standaardtaal geskied altyd met 'n mindere of meerdere mate van beplanning. Dis veral die geval met standaardtale wat in 'n kort tyd opgebou is. Die staat het soms ingegryp en met behulp van wetgewing bepaalde voorskrifte neergelê.

Dis onmoontlik om hier op alle aspekte van taalbeplanning, eintlik taalkorpusbeplanning, in te gaan, maar dis vermeldenswaardig dat taalbeplanning taalevaluasie veronderstel. Hoewel taalkundiges nie moeg word om te sê dat tale in beginsel gelykwaardig is nie, beklemtoon party taalkundiges dat waardebeplanning tog moontlik is. Taulli skryf dat "a great many modern linguists have made explicit value judgments on language and linguistic features" (1968:10). B. Malmberg beweer dat dit objektief moontlik is om een taalsisteem, soos 'n fonologiese sisteem, te evalueer as

superieur in vergelyking met 'n ander (Tauli 1968:174, n.12). Tauli dui ten opsigte van verskillende aspekte van die taalsisteem aan hoe dié evaluering kan plaasvind --- meestal tussen verskillende tale, maar 'n mens kan dit uitbrei na taalvariëteite. Hy sê byvoorbeeld dat tale ten opsigte van hul morfologiese kompleksiteit kan verskil. Dis bepaalbaar uit die veranderlikheid of onveranderlikheid van morfeme en die reëlmatigheid al dan nie van morfeme. 'n Morfeem is makliker om te onthou as dit, soos die genitief enkelvoudsvorm van Engels, tot uitdrukking kom in een of twee variante waarvan die voorkoms deur die klankomgewing bepaal word, as wanneer dit 80 onvoorspelbare variante het soos die genitief in Estnies. In dié opsig is Engels meer ekonomies, eenvoudiger, en makliker as Estnies, Duits en baie ander tale (Tauli 1968:11-12).

Taalbeplanning behels volgens Einar Haugen (1966:18-26, 1972:237-252 en 287-293) onder meer die keuse van 'n taal of taalvariëteit as norm en die kodifisering of standaardisering van die gekose variëteit. Die taalnormeerder moet dus keuses doen en voorskrifte gee oor:

(a) die toelaatbaarheid al dan nie van woorde, uitdrukkings, klankvorme en miskien selfs sintaktiese reëls in die standaardtaal wat afkomstig is uit of die nie-gekose variëteite en/of ouer fases van die taal;

(b) die spelling van toelaatbare vorme in die standaardtaal (en hierdie voorskrifte kan betrekking hê op onder meer die aaneenskryf van samestellings en die gebruik van hoofletters);

(c) die manier waarop die wetenskaplike en tegnologiese woordeskat gemoderniseer word. Moet woorde uit ander tale oorgeneem word, of moet beplanners vasstel "wat onself besit voordat ons by ander gaan leen" soos Ivar Aasen dit in die negentiende eeu ten opsigte van Noors gestel het (aangehaal deur Haugen (1972:292)). (Op laasgenoemde kwessie word in par. 3.4 hieronder ingegaan.)

Dis verstaanbaar dat die standaardtaal as norm vir sommige taalgebruikssituasies dien. Dit sou onderlinge verstaanbaarheid in die wêreld as wetenskaplikes nie-algemeen bekende dialekwoorde in hul geskifte gebruik. Maar die standaardtaal word soms ook as norm gestel vir alle soorte situasies: die normeerder verwag dan dat die taalgebruikers die standaardtaal ook in informele situasies moet gebruik. Hierdie soort voorskriftelikheid word met reg gekritiseer onder meer deur Robert Hall.

Die normeerders van die standaardtaal hoef in elk geval nie te streef na eenvormigheid en die uitskakeling van verskeidenheid nie. Haugen skryf dat een van taalbeplanners se foute is dat hulle 'n taal vir altyd wil vaslê, of 'n enkele standaard wil oplê aan mense met uiteenlopende dialekte. Haugen haal 'n stelling van Havránek aan dat die standaardtaal sowel stabiliteit as buigsaamheid moet hê.

"While a living language norm is predominantly stable and uniform, it provides for its users a varying margin of elasticity and diversity." (1972:171)

Dit gebeur egter partykeer dat taalnormeerders en taalkundiges wil hê dat die nie-standaardvariëteite nader aan die standaardtaal beweeg. 'n Vlaamse taalkundige, J. Goossens, kritiseer byvoorbeeld die taalgebruik van 'n aantal Vlaamse studente wat in die jare sestig 'n besoek aan Engeland gebring het. Hy skryf hy was onaangenaam verras deur die omgangstaal van die reisgeselskap. Dit was naamlik geen Nederlands nie, maar "Vloms".

"Dat men aan de uitspraak van iedere deelnemer kon horen uit welk dialectgebied hij afkomstig was, vind ik nog niet zo erg. Er zijn immers geen tien Vlamingen op de vijf miljoen bij wie men niet horen kan of ze Westvlaming, Oostvlaming, Zuidbrabander, of Westlimburger zijn Dat de mensen die van September 1967 af de Vlaamse jeugd Nederlands (zouden) moeten leren, nog altijd filet américain, kiek, hesp, of sosies met patatten en legumen uit nen telloor eten, koffie uit een tas drinken, die vloer opkuisen, aan een guichet een tiket voor de cinema kopen en zich aan slecht weer verwachten, vind ik al erger. Ik heb geen inventaris aangelegd van de dialectismen en gallicismen die ik tijdens de reis te horen kreeg, maar de helft van de lemmata uit een ABN-gids is toch wel over mijn arme hoofd neergestort. Dat betekent dat de taal van onze toekomstige Nederlandse leraars lelijke vlekken vertoont. Indien het echter daarbij gebleven was, zou ik nog hebben kunnen zeggen dat ze Nederlands spreken, zij het dan foutief Nederlands.

Maar het was veel erger dan dat. De allerelementairste regels van de Nederlandse spraakkunst werden voortdurend met voeten getreden Uit de voorbeelden (wat Goossens in sy artikel verstrek --- J.C.S.) blijkt o.a. dat mijn medereizigers niet eens de correcte vorm van het bepaald en onbepaald lidwoord gebruiken, dat zij de Nederlandse persoonlijke, bezittelijke en aanwijzende voornaamwoorden nog moeten leren, dat ze geen voorzetsel van een bijwoord kunnen onderscheiden, dat ze de verbuiging van het Nederlandse adjectief niet beheersen, dat ze fouten maken tegen de vervoeging van de werkwoorden en dat ze nog in de middeleeuwen schijnen te leven als ze een negatie moeten formuleren. Ik wens er met de meeste nadruk op te wijzen dat zulk een taaltje geen Nederlands is." (1966/1972:142-143)

Die verontskuldiging van studente dat hulle onder mekaar ongedwonge praat en in die proeflesse 'n beter Nederlands gebruik, beantwoord Goossens deur te sê dat 'n mens van toekomstige Nederlands-onderwysers kan eis dat hul omgangstaal 'n ongedwonge Nederlands is. Dit is "hun verdomd plicht" om 'n milieu in die lewe te roep waarin ongedwonge Nederlands (en dus nie "Vloms" nie) die omgangstaal is (Goossens 1966/1972:144).

Goossens beywer hom dus vir 'n hervorming van die omgangstaal, 'n verandering daarvan sodat dit nader aan die standaardtaal kom. 'n Afrikaanse taalkundige, M.C.J. van Rensburg, dink in dieselfde rigting wanneer hy skryf oor taalgebruikers se verantwoordelikhede teenoor hul taal.

"Die voorregte van kleiner groepe Afrikaanssprekers, soos studente in hulle gebruik van 'n sogenaamde studentetaal, bepaalde werkersgroepe in die gebruik van hul besondere groepstaal, moet deur daardie sprekers heroorweeg word. Hulle is ten volle daarop geregtig om 'n 'onafrikaanse' Afrikaans as kenmerkend van hulle subgroep te gebruik. Maar die voorreg kan eenvoudig net nie opweeg teenoor 'n verantwoordelikheid om Afrikaans so dikwels as moontlik te gebruik nie." (1984:181)

Van Rensburg (1984:187) wys ook daarop hoe Afrikaans met aanvullings uit die "nie-standaard taalvoorraad" "heerlik verryk" kan word.

Het 'n normeerder 'n geldige oogmerk wanneer hy, soos in dié twee gevalle, die nie-standaardvariëteite nader aan die standaardtaal wil bring? Myns insiens wel; albei die hoof-oogmerke van taalnormering is hier op die spel. Die normeerder kan byvoorbeeld vrees dat die ongedwonge omgangstaalvariëteite as gevolg van vinnige verandering so sterk van die standaardtaal gaan verskil dat die variëteitspreker dit al hoe moeiliker gaan vind om die standaardtaal te verstaan. (Die toestand het al dikwels bestaan; vergelyk par. 3.5. hieronder.) Dit kan ook wees dat taalgetrouheid 'n motief vir dié soort normering is --- dat die normeerder vrees dat te snelle verandering van die variëteite en mettertyd ook die standaardtaal die leksikale en grammatiese identiteit van die taal bedreig (vergelyk par. 3.4. hieronder). Of die soort normering gaan slaag, is wel 'n ander vraag (vergelyk par. 7.3 hieronder).

3.4 Taalsuiwerheid

Die strewe na taalsuiwerheid, ofwel purisme, is 'n bekende oogmerk van taalnormeerders. Appel e.a. definieer purisme as "het idee dat de taal 'zuiver' moet worden gehouden, van vreemde smetten vrij" (1979:191). Weinreich noem purisme die "self-conscious resistance to all interference in the name of a principle" (1953:102 n.64). Die beginsel is hier taalgetrouheid.

Omdat puriste soveel oogmerke met hul pogings tot taalsuiwering het, is dit onjuis om 'n globale oordeel daaroor uit te spreek en byvoorbeeld te sê dat alle puristiese strewes reg is of almal verkeerd.

Purisme kan in die eerste plek deel wees van 'n poging om groter onderlinge verstaanbaarheid tot stand te bring --- en dan is dit aan te beveel vanuit die een hoof-oogmerk van taalnormering, naamlik die bevordering van kommunikasie. Die sosiale hervormings in Turkye wat gevolg het op die val van die Ottomaanse Ryk, het gepaard gegaan met die modernisering van die wetenskap en onderwys. Die taal is "geturkifiseer" om dit verstaanbaarder vir die bevolking te probeer maak. Vreemde elemente van Persiese en Arabiese oorsprong is teengegaan en die Persiese skrifstelsel is vervang deur die Romaanse (Georg Hazai 1974:127-128). Taalsuiweraars kan inderdaad help om sekere terme verstaanbaarder vir die taalgemeenskap te maak. Die Nederlandse taalsuiweraar Simón Stevin ('n wiskundige en vestingbouer), het in die sestiende eeu die opbloeiende wetenskap 'n nasionale karakter probeer gee deur eie Nederlandse terme te skep. Dis aan hom te danke dat Nederlands en Afrikaans woorde gebruik soos middellyn, driehoek, vlak, aftrek, deel en wortel (De Vooy 1925:10).

Die eis van verstaanbaarheid lei egter partykeer tot 'n verwerping van purisme. U. Heyd, wat verskeie werke oor nasionalisme en taalbeplanning in Turkye geskryf het, sê dit het geen sin om Persiese en Arabiese woorde in Turks te verwerp net omdat hulle aan vreemde tale ontleen is nie. Elke woord waarmee die volk vertrou is, is 'n nasionale bate.

"To change these words for old Turkish roots would be equivalent to banishing from the language living elements and introducing into it words more strange and unintelligible to the common people." (Aangehaal deur Fishman (1973:74))

Die Tsjeggiese purisme is dikwels gekritiseer omdat dit Tsjeggies moeiliker gemaak het vir andertaliges, ook gebruikers van die Slawiese tale (Meillet 1921:173-175).

Ten tweede kan purisme deel wees van 'n strewe om 'n bedreigde taal te versterk. Taalgetrouheid kom volgens Weinreich tot uitdrukking in twee strewes:

(a) Wanneer daar 'n taalverskuiwing dreig, wend die taalgetroues pogings aan om die taal behoue te bly en

(b) wanneer die woordeskat en struktuur van die taal deur 'n ander taal versteur word, probeer die taalgetroues die taalstruktuur en die woordeskat teen veranderings verdedig en word die gestandaardiseerde vorm van die bedreigde taal 'n simbool en saak om voor te veg. (Weinreich 1953:99)

Die ewewigtige De Vooy skryf:

"Zodra het on-eigene het eigene tracht te verdringen, voelen we dat als een aanzanding en ontwaakt een instinkatief verzet, dat voor geen verstandelijke redenering wijkt." (De Vooy 1925:6)

Einer Haugen skryf dat Engels 'n "dual structure" het vanweë sy baie leenwoorde.

"It is precisely to avoid this distortion of structure that other languages have sought to create native replicas instead of adaptations. This position, often called 'puristic', is the one adopted by Icelandic as well as Greek, Hebrew, and others. While the argument is often advanced that such purism preserves the characteristic structure of the borrowing language, a more powerful motive is probably the sense of pride which derives from 'doing it yourself'. It is a stronger assertion of identity than the mere wholesale adaptation of foreign terms." (1966:23)

Die vrees vir verswelging deur 'n vreemde taal is dikwels die dryfveer van puriste. Die stryd tussen puriste en anti-puriste op die Filippyne handel hieroor. Die radikale anti-puriste is nie gekant teen ontlenings nie en wil ook hê dat die woorde gespel word soos in die oorspronklike taal. Die anti-puriste vrees dat as dié gebruik voortduur, die taal naderhand nie meer herkenbaar gaan wees as Tagalog (waaruit Filippino ontwikkel is) nie (Bonifacio Sibayan 1974:232-233).

In die derde plek kan purisme deel wees van chauvinisme. Purisme het soms nie 'n taalkundige oorsprong of grondslag nie, maar 'n politieke.

"Wanneer men spreekt van 'onzuiverheid' van 'besmetting', dan schuilt daarachter meestal een afkeer van de vreemde natie, als gevolg van historische herinneringen of politieke bedoelingen of ongevoeligheden." (De Vooy 1925:18)

De Vooy sluit hier aan by Bréal, wat skryf:

"To German purists, the presence of French words recalls a period of imitation which they would willingly efface from their history. The Hellenic philologists who banish Turkish words from the vocabulary are continuing after their own fashion the War of Independence. The Czechs, who go so far as to wish to translate the German proper names, in order not to leave one trace of a language under which they had so long suffered, join to their work of expurgation the hope of continuing autonomy. 'Purity' in such a case serves as the label for aspirations or resentments which may be legitimate in themselves, but which should not delude us as to the final cause of this linguistic campaign." (1964:262-263; die werk het oorspronklik in 1900 verskyn.)

Daar is talle ander voorbeelde van taalsuiwering vanweë politieke motiewe. In die negentiende eeu, toe Duitsland en Engeland om wêreldheerskappy meegeding het, was Duitse taalsuiwering veral teen Engels gerig. Die titel van die brosjure *Engländerei in der deutschen Sprache* van Hermann Dunger (1899) wys op die onmiskenbare nasionalistiese kern van sy betoog (De Vooy 1925:20). Na die Tweede Wêreldoorlog het die genootskap "Onze taal" in Nederland in die eerste plek die taak gekry om die baie Germanismes wat Nederlands die vorige dekades binnegedring het, te lyf te gaan (De Schutter en Persoons 1982:183). Die veldtog teen talle Engelse ontlenings in Frankryk het ook 'n nasionalistiese inslag.

Om alle vorme van purisme sonder meer te veroordeel, is onhoudbaar. Purisme kan help om die karakteristieke struktuur van die woordeskat (waarom Haugen dit het) te bewaar; dit kan verstaanbaarheid in 'n taalgemeenskap bevorder en dit kan taalgetrouheid by die sprekers van 'n bedreigde taal versterk, onder meer as gevolg van die gevoel waarna Haugen ook verwys: die trots om iets self te doen. Dis vir die lede van die taalgemeenskap 'n aanduiding van die toereikendheid van die taal as dit vir hulle moontlik is om dit in enige tak van die wetenskap te besig. De Vooy skryf:

"Liefde voor de moedertaal is ons evenzeer aangeboren als liefde voor het geboorteland. Het eigene behoudt voor ieder, ook al waant hij zich kosmopoliet, een onweerstaanbare bekoring; vermenging met het on-eigene, of --- sterker nog --- het opgaan in het on-eigene, stemt onbehaaglik. Het rechtmatig verzet tegen onnatuurlike uitwassen verdient allter steun." (1925:28)

3.5 'n Ouer fase van die taal

Klaus Gloy maak die opmerking (1975:72) dat die taalversorger hom liever hou aan die spreuk "Was fällt, das soll man stutzen" as aan die spreuk "Was fällt, das soll man stossen" ("Wat val, behoort mens te keer" in plaas van "Wat val, behoort mens te stoot"). In par. 2.2 is reeds voorbeelde aangehaal van wat 'n mens miskien sou kon beskou as die oogmerk van die ouer fase van 'n taal. Beteken dit dat 'n mens 'n ouer fase van die taal as norm stel as jy daarop aandring dat eventueel en brutaal alleenlik 'moontlik' en 'parmantig' beteken? Onnodige verandering moet teengegaan word, skryf C.A. Zaalberg; allerlei nuwigheide kom voort uit onkunde en "men dient ze niet alleen zelf te vermijden, maar ook anderen ertegen te waarschuwen" (1964/1978:76-77). Hierdie oogmerk kan egter naderhand tot die ongewenste gevolg lei dat dit kommunikasie benadeel. Die oogmerk van historisiteit kan lei tot 'n diglossie-situasie waarin daar 'n groot kloof bestaan tussen die omgangstaal en die kultuurtaal.

3.6 'n Ander taal as norm

Dit gebeur soms dat 'n taalnormeerder bewus of onbewus 'n ander taal as norm stel. Southward en Daswani skryf dat verskeie Engelse voorskrifte afkomstig is uit die Latynse grammatika. Voorbeelde hiervan is die taboe's op *It's me* (in plaas van *It's I*), *None of them are here* (in plaas van *None of them is here*, omdat Latyn *nemo*, in Engels *none*, enkelvoud is); *The majority of them are in favour* (in plaas van *The majority of them is in favour*, aangesien *majority*, 'n enkelvoudsvorm, die onderwerp van die sin is en dus die enkelvoudswerkwoord vereis). Dié voorskrifte is volgens die skrywer almal die gevolg van die "preoccupation with the grammatical rules of classical Latin" (1974:255). Vir baie Afrikaanssprekendes is Engels dikwels die norm. Baie volg die ongeskrewe reël: wanneer 'n naam of woord onbekend lyk, spreek dit uit asof dit Engels is. Die bestaan van dié riglyn kom 'n mens agter uit die manier waarop (soms onervare) radio- en

televisiemense baie keer vreemde name uitspreek. Die normeerder wat hier die riglyn van die eie taal stel, sal heel moontlik beskuldig word van purisme; tog lyk dit my gepas dat normeerders met klem die riglyn van die eie taal stel, veral wanneer die norm van die ander taal nog nie volkome algemeen in die taalgemeenskap geword het nie.

3.7 Logiese taalgebruik

Hoewel sommige taalkundiges soos Hall (1968:42) en Odendal (1983:75) negatief staan teenoor die oogmerk van "logiese taalgebruik" (of altans bepaalde formuleringe daarvan), is dit myns insiens 'n oogmerk wat 'n mens ten opsigte van ten minste bepaalde soorte taalgebruik, soos versorgde taalgebruik, kan stel, veral om kommunikasie te bevorder. Taal is nie 'n volledige logiese sisteem nie en daar is allerhande onlogiese aspekte in verband met taal (vergelyk Odendal 1983:75, en (Hiemstra 1980:87)), maar 'n mens sou ook nie kon sê dat taal onlogies is nie.

"Without logic a system of signs, still more an efficient system, is inconceivable. We have the full right to criticize a language, its system of semantemes and morphemes, likewise its syntactic structure from the viewpoint of logic. That language and logic are connected, has been pointed out by several scholars." (Tauli 1968:65)

Nietemin moet 'n mens rekening hou met die gevolge van taalverandering. Wat op die oog af aanvanklik as onlogies aandoen, kan naderhand die normale word. Miskien is die Afrikaanse sintipe "Alle taalgebruikers is nie logies nie" as sinoniem vir die meer eenvoudige "Die taalgebruikers is nie almal logies nie" op pad om ten spyte van sy onlogiese voorkoms (as alle taalgebruikers "nie logies" is nie, is hulle dan almal "nie-logies"?) gekonvensionaliseer te raak. 'n Onlogiese konstruksie wat myns insiens nog nie gekonvensionaliseer geraak het nie, is die tipe wat 'n mens soms in Nederlands en Engels kry: "Na gegeten te hebben, ging de zon onder" (aangehaal deur Stutterheim (1967/1978:68)). Volkome onlogies is in Afrikaans die volgende soort formulering "Hy gaan die skurk maklik vastrek, of gaan hy?" in plaas van "of nie?" aan die einde.

Die logiese norm moet 'n mens stel vir versorgde taalgebruik. Of die hele Nederlandse taalgemeenskap in die spreektaal nou een enorme familie van der Dussens geword het soos Stutterheim dit geestig stel (1967/1978:67), in

versorgde taalgebruik is die onlogiese *dus*, gebruik in die volgende voorbeelde ontoelaatbaar:

"Iemand vraagt: 'Waar heb je je vakantie doorgebracht?' Het antwoord luidt: 'Ik ben dus in Frankrijk geweest' Vraag: 'Wat weet je me van Jansen te vertellen?' Antwoord: 'Hij is dus burgemeester'. Vraag: 'Wat is goed Nederlands?' Antwoord: 'Dat is dus een moeilijk probleem'."

3.8 Estetiese waardes

'n Mens is geneig om estetiese waardes as iets subjektiefs te beskou; immers, "skoonheid lê in die oog van die aanskouer". Valter Tauli sê dat twee van die soorte estetiese waardes wat hy in taal onderskei, naamlik formele en materiële waardes, oor 'n hoë graad van objektiwiteit beskik en meestal meetbaar is. Die derde tipe, naamlik assosiatiewe waardes, is in sekere mate subjektief (1968:34).

Die eenheidsbeginsel van die formele skoonheid van taal is volgens Tauli elegansie: die kuns om die maksimum-resultate met die minimum aan middele te behaal. Hy onderskei tussen skoonheid van die sisteem of paradigmadiese skoonheid en die skoonheid van die teks, of sintagmatiese skoonheid waarvan daar twee tipes is: akoestiese en stilistiese skoonheid. Sintagmatiese skoonheid impliseer hoofsaaklik harmoniese wisseling en gebrek aan eentonigheid. Akoestiese skoonheid impliseer eufonie, ritme en morfeemverskeidenheid. Eufonie het te make met (i) die vermyding van kakofoniese foneempatrone en moeilik uitspreekbare klankkombinasies en (ii) 'n harmoniese verspreiding van foneme --- 'n goeie proporsie van sonore foneme en 'n mate van ewewig in die verspreiding van foneme in 'n teks. Ongelukkig is dit teoreties onmoontlik om vas te stel presies watter proporsie mooi is.

Ritme is 'n belangrike objektiewe en onweerlegbare estetiese waarde wat verband hou met die ekonomiese beginsel: 'n ritmiese rangskikking is maklik, 'n monotone is vermoeiend. Morfeemverskeidenheid impliseer die vermyding van 'n eentonige herhaling van 'n morfeem. Stilistiese skoonheid impliseer verskeidenheid en bondigheid.

Hierdie samevatting van 'n deel van Tauli se beskouings (1968:34-36) toon dat dit moontlik is om estetiese waardes op 'n rasionele grondslag te

bespreek. Die nakom van bepaalde estetiese reëls is 'n heeltemal geldige oogmerk vir bepaalde soorte taalgebruik, soos versorgde geskrewe taal.

In die praktyk is die meeste taalvoorskrifte gerig op die doelmatigheid van die standaardtaal, en veral die geskrewe taal. Dis die standaardtaal wat die taalnormeerder grammaties (en miskien suiwer, logies en in ooreenstemming met reëls vir estetiese taalgebruik) wil hê. Die taalpraktisyn het die hulp van die normeerder gedurig nodig oor talle twyfelgevälle soos nuwe terme vir nuwe sake en onsekerheid vanweë beïnvloeding van die standaardtaal deur nie-standaardvariëteite en ander tale.

4 Aspekte en vorme van taalgebruik waarop normering betrekking het

Dit blyk uit die voorbeelde tot dusver dat taalvoorskrifte van toepassing kan wees op verskillende (a) aspekte en (b) vorme van taalgebruik. Normering is dus moontlik vir (a) klankvorm, skrifvorm, woordeskat, sintaktiese en morfologiese eienskappe van woorde en (b) verskillende style en registers. Hiemstra formuleer 'n norm oor 'n aspek van taalgebruik wanneer hy sê dat ons almal korrek is en almal van ons verkeerd. Goossens suggereer 'n norm vir 'n bepaalde vorm van taalgebruik, naamlik vir die ongedwonge omgangstaal, en eintlik ook vir 'n wyse van taalgebruik, naamlik die spreektaal. 'n Groot deel van taalnormering word gedoen vir registers, dit wil sê taalgebruik wat spesifiek is vir bepaalde situasies. Registers verskil veral op leksikologiese vlak van mekaar. Dis meestal die terminologie wat by 'n bepaalde situasie of vak pas, wat van 'n vorm van taalgebruik 'n register maak (Appel e.a. 1979:97).

Valter Tauli gee in vier hoofstukke van sy boek *Introduction to a theory of language planning* (1968) 'n uiteensetting van die verskillende aspekte van taal waarop normering betrekking kan hê. Die hoofstukke handel agtereenvolgens oor die morfologie, sintaksis, leksikologie en grafeemkunde. Leksikologiese normering kan onder meer te make hê met die volgende sake (en hier word tussen hakies 'n paar beginsels vermeld wat Tauli breedvoerig behandel): vreemde woorde (indien ander voorwaardes gelyk is, moet 'n internasionale woord voorkeur kry bo 'n inheemse eentalige woord); polisemie (wanneer twee betekenisse dikwels in dieselfde konteks gebruik word, moet aparte woorde vir hulle gebruik word); sinonimie ('n

mens behoort nie opsetlik nuwe sinonieme vir 'n taal in te voer as daar geen werklike noodsaak daarvoor is nie, behalwe as die ou woord ondoeltreffend is); arbitrêrheid en motivering (wanneer die betekenis van 'n woord regstreeks met die betekenis van 'n ander woord in verband gebring word, kan motivering as 'n reël verkies word; wanneer die betekenis 'n onverdeelbare integrale geheel vorm, moet 'n arbitrêre woord voorkeur kry); woordlengte, afleidings en samestellings. Grafemiese beplanning sluit in die normering van ortografie, transliterasie, punktuasie en afkortings. By morfologie is beplanning moontlik oor die getal, lidwoord, geslag, die genitief asook die persoonsvorm van werkwoorde. Tauli skryf byvoorbeeld dis die algemene standpunt dat die persoonsuitgange van die werkwoord oorbodig is en dat die neiging in Europese en ander tale om dié uitgange te verloor, voordelig is vanuit die oogpunt van die ekonomie. Wanneer hierdie neiging by 'n taal voorkom, behoort taalbeplanners dit te begunstig (1968:59).

Daar geld verskillende norme vir die verskillende vorme van taalgebruik. Die skryftaal is byvoorbeeld gewoonlik formeler as die spreektaal. Die sinsbou en woordeskat is in die spreektaal eenvoudiger en die spreektaal het 'n aantal konstruksies wat onvanpas is in die skryftaal, behalwe wanneer iemand in die direkte rede aangehaal word. In Afrikaans en Nederlands word die herhalingskonstruksie van die volgende tipe dikwels in die spreektaal gebruik: **Ons was in Pretoria was ons twee jaar gewees; Ek het die ingeboude kaste destyds het ek self gemaak:**

As voorbeeld van die norme wat geld vir spesifieke soorte taalgebruik, kan 'n mens hier verwys na die uiteensetting van radiotaal deur S. Witteboon (1960/1972:237 e.v.). Witteboon voer aan dat die passiefsin soos **Die tweede skof van die ronde van Nederland is gewen deur Peter Post** vir 'n radionuusuitsending dikwels beter is as die ooreenstemmende aktiefsin (in dié geval **Peter Post het die tweede skof van die ronde van Nederland gewen**). Die rede hiervoor is dat die luisteraars die essensie van die nuus dikwels mis as die sin begin met 'n naam, veral 'n kort naam. Vir die soepele loop van 'n berig waarin die logiese verband tussen die sinne duidelik blyk, gebruik die radio soms ook die lydende vorm terwyl die bedrywende vorm net so goed kon gedeug het. As voorbeeld verstrek hy die volgende sinne [hier verafrikaans]:

"Die nuwe gebou staan aan die IJ, ten weste van die Sentrale stasie. Dit is ontwerp deur die argitek Dudok."

In hierdie teks is daar 'n logiese voortgang. As ons die bedrywende vorm gebruik het, was dit soos volg:

"Die nuwe gebou staan ten weste van die Sentrale stasie. Die argitek Dudok"

Daar is dus plotseling iets nuuts, en dit skaad die soepele voortgang en die logiese gedagtegang. Sodoende word die berig springerig en onrustig en daardeur minder goed te begryp. Die lydende vorm bewys die radio dus goeie dienste.

"De vijanden van de lijdende vorm kijken er lelijk op aan, maar wij mogen de middelen, die de taal ons biedt om duidelijk te zien, niet ongebruikt laten." (Witteboon 1960/1972:242)

5 Taalnormering, taalverandering en taalverskeidenheid

Elke taal verander, en elke taal vertoon verskeidenheid. Taalnormering behels dikwels 'n ingryping in albei: dis 'n poging om taalverskeidenheid vir ten minste sommige taalgebruiksituasies te verklein (te verhoed dat byvoorbeeld she write in die standaardtaal erken word naas she writes), en dis dikwels ook 'n poging om bepaalde taalveranderings te stuit, of veranderinge in 'n sekere rigting te begunstig. Twee vrae doen hulle voor: Watter invloed het taalnormering op taalverandering en taalverskeidenheid, en hoe kan laasgenoemde op hul beurt taalnormering beïnvloed?

5.1 Die invloed van taalnormering op taalverskeidenheid en taalverandering

Die eerste vraag hierbo --- oor die invloed van taalnormering op taalverskeidenheid en taalverandering --- is moeilik beantwoordbaar sonder inagneming van die middele waarmee taalnormering in 'n besondere gemeenskap aangepak word. Hierdie middele kan verskil van gemeenskap tot gemeenskap en van tydperk tot tydperk. Sommige faktore wat hierby 'n rol speel, blyk miskien die duidelikste as 'n mens 'n hipotetiese gesin as voorbeeld neem. Gestel die ouers besluit om hul kinders net die standaardtaal te leer praat --- vry van vreemde smette van streektaale, sosiale klas-dialekte en ander tale. Sal die ouers so iets regkry? Net indien hulle volle beheer het oor die kinders en kan sorg dat hulle geïsoleerd grootword sonder dat hulle die invloed ondergaan van die ander drie groot sosialisierende instansies,

naamlik die skool, portuurgroep ("peer group") en massamedia. Dié soort isolasie is onmoontlik in ons soort samelewing. Sowel die huisgesin as die ander drie sosialiserende instansies het 'n uitwerking op taalverskeidenheid en taalverandering.

Verskeie ondersoekers wys daarop dat sommige dialekte en minderheidstale hulleself kan handhaaf omdat jong kinders dit by hul leeftydgenote aanleer. Die portuurgroep het 'n groot invloed op die taalgedrag van enkelinge. Appel e.a. skryf dat dit veral daaruit blyk dat jong kinders die kenmerke van die plaaslike dialek vinnig oorneem as hulle op 'n nuwe plek gaan woon.

"Dit is één van die oorzaken van de handhaving van regionale dialekten." (1979:136)

Die skool kan taalverskeidenheid laat verminder, maar dan net indien dit die onderwysbeleid is om alleen die standaardtaal as onderrigmedium te gebruik en indien die skool so 'n beleid doeltreffend kan uitvoer. Téén so 'n beleid voer sommige taalkundiges en onderwysmense sterk argumente aan (waarvan daar 'n goeie samevatting in (Trudgill 1974:80-83) verskyn). Ter wille van goeie sielkundige en sosiale redes kan 'n skool dus besluit om ook erkenning aan sosiale klas- en ander dialekte te verleen --- wat dié dialekte kan help om voort te bestaan. Beïnvloeding van die nie-standaardvariëteite deur die standaardtaal is in elk geval moontlik --- of die nie-standaardvariëteit nou vir die eerste paar skooljare op skool gebruik word of nie.

Die radio en televisie kan eenvormigheid bevorder indien hulle hoofsaaklik of alleenlik die standaardtaal sou gebruik. Dit is inderdaad die geval in die meeste lande. Maar waarskynlik sorg die radio en televisie in baie lande dat sommige tale as gevolg van ontlening verander. Vokale musiek en gesproke programme uit ander taalgebiede ken geen staatsgrense nie --- 'n faktor wat leksikale en selfs grammatiese ontlening kan veroorsaak. Hoewel daar geen getuienis daarvoor is nie, is dit heel goed moontlik dat sommige Afrikaanse klankveranderinge, soos die toenemende ontstemming van die j in byvoorbeeld *weet jy* en *wat jy*, toegeskryf kan word aan die sterk invloed van Engels in pop-musiek, populêre Engelse radiostasies en in die laaste tyd ook die televisie en video.

Op die oomblik is die sosialiserende instansies van Westerse lande van so 'n aard dat hulle taalverskeidenheid nie volledig kan uitskakel nie. 'n

Toestand soos die huidige hoef egter nie permanent te wees nie: as ingrypende sosiale veranderings die groot rol van die portuurgroep sou verklein of uitskakel, of as skole 'n onbuigsame beleid volg om die nie-standaardvariëteit uit te skakel (soos Engelse, Franse, Duitse, Russiese, Spaanse en Hongaarse skole in die negentiende eeu dikwels minderheidstale probeer uitskakel het), kan hierdie posisie verander.

Buiten die sosialiseringsproses kan ook ander faktore taalverskeidenheid en taalverandering beïnvloed. Een van die belangrikste is groepsolidariteit. Elke groep het behoefte aan uitdrukkings wat intimiteit, affeksie en solidariteit uitdruk en aan taalkenmerke wat die groep van ander groepe in die gemeenskap onderskei. 'n Bekende ondersoek op Martha's Vineyard het getoon dat die toename van bepaalde uitspraakvariante met 'n lae prestige saamhang met die begeerte van die sprekers om hulle met die lewenswyse van die eiland te identifiseer. Hulle wou met die gebruik van die gestigmatiseerde variante aandui dat hulle 'n afsonderlike kulturele en sosiale identiteit het (Trudgill 1974:23-24).

Daar is altyd sterk kragte in die samelewing aan die werk wat verhoed dat verskeidenheid heeltemal verdwyn, en wat taalverandering weg van die standaardtaal bevorder. Maar aan die ander kant is daar ook kragte aan die werk wat standaardisering begunstig. Die onderwys en die massamedia kan dit onder bepaalde omstandighede doen. Hier word vervolgens die menings van 'n paar taalkundiges oor die invloed van normering op taalverskeidenheid en taalverandering in Nederland en Vlaandere aangehaal.

M.C. van den Toorn skryf dat die massamedia soos die radio en televisie veroorsaak dat uitspraaknivellering vinniger plaasvind as voor 1945. Dis volgens hom merkbaar by spelling-uitspraak en intonasiefoute, asook ingrypende veranderings aan die foneemsisteem. Vir baie Nederlanders is daar geen verskil meer aanwesig tussen s en z of v en f nie. Die verskil fel/vel en zuiker/zoet is 'n kwessie van spelling en niks anders nie (1974/1978:107).

C.B. van Haeringen het weer gewys op die "machtige invloed van het geschreven of liever gedrukte woordbeeld: een invloed die door een ouder geslacht van taalgeleerden, in te sterke vrees voor wat na 'schrijftaal' zweemde, wel wat is onderschat" (1962/1978:123). Hierdie magtige invloed sien Van Haeringen onder meer in die ondergang van koppie en boekie teenoor kopje en boekje, aan mot en most wat moes wyk vir moet en moest, asook in

die feit dat *komme(n)* langamerhand na 'n meer vulgêre *hoek* as *kome(n)* gedruk word. Die fyn nuansering tussen *wij* en *we*, *sij* en *ze* begin vervaag omdat die skryftaal dit glad nie of maar min tot sy reg laat kom.

Dialekte verander onder meer omdat hulle hul tegniese woordeskat voortdurend uit die standaardtaal aanvul (Heeroma 1968:174). J. Goudsblom skryf dat dialekte deur standaard-Nederlands verdring word. Hierdie verdringing is "gedeeltelik een spontaan, gedeeltelik een bewust in de hand gewerkt proces". Dis moeilik om vas te stel wat alles spontaan is en wat doelbewus, maar die hoofsaak is "dat in de Nederlandse samenleving het Algemeen Nederlands een toonaangevend model vormt; voor maatschappelijk succes in deze samenleving is navolging van dit model zo niet noodzakelijk dan toch zeer gewenst" (1964/1978:28). In Frankryk is die dialekte "door de vastgenormeerde algemene cultuurtaal al grotendeels opgeslokt", skryf Heeroma (1968:174).

Dit lyk dus of taalnormering deur middel van die skool, massamedia en omgang met standaardtaalgebruikers taalverskeidenheid enigermate kan beperk. Wat van taalverandering? Ook daarop kan taalnormering 'n invloed hê. Soos J. Goossens aanvoer, kan dit op twee maniere geskied. So 'n normering kan sorg dat sekere ouer vorme bewaar bly. Hierdie konserverende uitwerking op die gesproke taalgebruik kom veral voor waar 'n mens buite die skriftelike taalgebruik min houvas het om volgens die norm te praat. Dit sal dus meer in Vlaandere voorkom as in Nederland. Verskynsels wat op papier nog leef maar mondeling uitgesterf het, kan deur normering nuwe lewe kry. In Vlaandere het daar op dié manier afwykings van die Noord/Nederlandse standaardtaal ontstaan, soos *zijt u gehuwd?* vir *bent u getrouwd?*

Taalnormering het in Vlaandere ook gelei tot 'n normvariant van die beskaafde uitspraak wat in 'n aantal opsigte 'n kleiner speelruimte toelaat as in Nederland. Die vokale *ee*, *eu* en *oo* kan in Nederland as suiwer vokale, maar ook as tweeklanke *eej*, *euj* en *ooow* uitgespreek word en daarby bestaan daar 'n betreklike groot speelruimte in die graad van diftongering. Die Vlaming beskik oor minder vryheid. Wanneer hy sy tweeklanke artikuleer, vind sy taalgenote hom pedant. Die Nederlander kan ook van die dowwe *e* van *komen* en *huizen* op dieselfde wyse uitspreek as die *u* van *put* en *dus*, maar hy kan daar ook 'n meer oop klinker van maak. Die Vlaming beskik slegs oor laasgenoemde moontlikheid en sy normvariant is dus strenger. In Nederland kan 'n mens die *v* van *vel* op dieselfde manier uitspreek as die *f* van *fel*

maar jy kan ook 'n verskil maak. Die Vlaming beskik net oor een moontlikheid: hy moet die f en v uitmekaar hou. Dieselfde geld vir die g en ch wat die Nederlander nie hoef te onderskei nie, terwyl die Vlaming wat choed vir goed sê, homself buite die taalgemeenskap stel. Die lettergroep schr- kan 'n mens in die noorde as 'n verbinding van twee of drie konsonante uitspreek (schrijven/srijven), maar in die suide is net die eerste moontlikheid korrek. Hierdie en ander voorbeelde bring Goossens tot die stelling:

"Dat in al deze gevallen de zuidelijke normvariant strenger is dan de noordelijke vindt zijn verklaring in het feit dat hij steeds met de spelling overeenstemt. De Vlaming heeft zijn Nederlandse uitspraak uit de boeken geleerd; in Nederland daarentegen is de uitspraak soms in haar ontwikkeling op de spelling vooruit." (1975/1978:215)

Buiten hierdie gevalle lê die invloed van normering voor die hand by die woordeskat. Dis moontlik (en dit het al telkens gebeur) dat die woordeskat uitgebrei word. Soms word vreemde woorde ook vervang deur eie woorde; so is baie Duitse woorde in Tsjeggies en ander tale, ook Nederlands, vervang deur woorde in Tsjeggies, Nederlands, ensovoorts. In Frankryk word Engelse woorde tans doelbewus vervang deur suiwer Franse (vergelyk vir voorbeelde par. 8 hieronder), en in Afrikaans is talle Anglisismes sedert die jare twintig vervang deur Afrikaanse woorde. Die tale van die Sowjet-Unie word tans op groot skaal doelbewus gerussifiseer: die tegniese woordeskat van dié tale word deur woorde van Russiese oorsprong aangevul; daar word selfs gepraat van "die skepping van 'n gemeenskaplike leksikale voorraad vir die tale van die Sowjet-Unie" (Glyn Lewis 1972:172). Beplanning lei soms tot die vestiging van 'n nuwe woord. Die gebruik van Black in die VSA pleks van Colored en Negro, is die gevolg van so 'n beplanning en die voorkeur wat simpatiegesinde media en groepe daaraan verleen het.

5.2 Die invloed van taalverandering en taalverskeidenheid op normering

Wanneer 'n taal verander ondanks voorskrifte, verval die voorskrifte of die karakter daarvan verander (byvoorbeeld van verplig na opsioneel). Dit duur soms lank voordat 'n verandering amptelike erkenning kry. G. Geerts verwys na veranderings in die Nederlandse voornaamwoordelike stelsel. Die gebruik van die voornaamwoorde hij, (besitlike) zijn en hem saam met de- woorde soos koe, geit, tafel, bank, televisie en regering is lank beskou as

glordigheid en laksheid van die taalgebruikers, asook onverskilligheid teenoor die taal. In werklikheid was hierdie gebruik minstens driehonderd jaar oud. Vroeëre reëlins het onvoldoende rekening gehou met die reëls van die taal, sodat die taalgevoel van die kultuurtaalsprekers dit vir hulle sonder meer onmoontlik gemaak het om die voorskrifte te volg (Geerts 1968/1978:83-84).

In een vorm van taalgebruik kry verandering bitter moeilik erkenning, en dis in die skrif. Spellingshervorming roep groot weerstande op. Baie tale, onder meer groot Europese tale, gebruik 'n historiese ortografie (en nie 'n fonemiese ortografie nie). In Engels en Frans is die spelling "rather irrational" soos Tauli opmerk (1968:136), en bestaan daar 'n groot kloof tussen die spelling en uitspraak. In alle tale met 'n historiese ortografie is daar soms eise om spellinghervorming. Die besware teen spellinghervorming word deur Tauli uiteengesit en weerlê (1968:135-144), soos dié dat dit stabiliteit sal versteur en in stryd is met die beginsel van duidelikheid. Teenstanders van spellinghervorming voer naamlik aan dat 'n historiese ortografie help om homonieme op skrif uitmekaar te hou. Dis egter 'n anachronisme om duidelikheid net vanuit die oogpunt van die skrif te beskou. Die historiese ortografie verdoesel die bestaande homonieme van 'n taal. Een nie-taalkundige argument vir hervorming is die feit dat 'n groot deel van die bevolking ondanks die tyd en energie wat hulle daaraan bestee, die spelling nooit bevredigend baasraak nie. Die hoofargumente teen hervorming is psigologies en ekonomies van aard. Die eerste het te make met die menslike eienskappe van traagheid en konserwatisme en die mag van die gewoonte. Die finansiële koste is ook groot omdat bestaande leesstof, onder meer wetenskaplike en fiksiewerke, handboeke, woordeboeke en ensiklopedieë, weer geredigeer en uitgegee sal moet word. Biblioteke sal onder die groot verloorders wees. Veral vir tale soos Engels en Frans sal die koste oorweldigend wees.

Die gevolg van die uitstel van spellinghervorming is dat dit al hoe moeiliker word om dit deur te voer. Vir Engels en Frans word dit al sedert die sestiende eeu bepleit --- sonder veel resultaat. Tauli skryf:

"What irreparable damage has been done to E(English) and F(French) by refusing a reform some centuries ago when it could have been carried out relatively easily! Now that the anachronistic orthography of E and F has become a burden for the culture and the gap between the spoken and written language is extensive an efficient SR (spelling reform) is possible only with tremendous sacrifices and as a cultural revolution. Instead

of a gradual and normal adjustment of spelling to the changes in the spoken language from time to time and retention of continuity in writing, E and F have now to choose between a revolutionary breach with the old system as well as continuity, and a continuation of the anachronistic system with all inconveniences and absurdities for ever." (1968:136)

Die weiering van normeerders om tred te hou met veranderings in taal kan ook in ander opsigte as spelling lei tot die noodsaak dat daar met die verlede gebreek moet word. Die diglossieprobleem in lande soos Griekeland kan 'n mens ook toeskryf aan 'n weiering van die taalbeleidmakers om die kultuurtaal aan te pas by die verandering wat dit in die volksmond ondergaan.

6 Taalnormering en die struktuur van die samelewing

Besluite oor taalvariëteite en taalvorme kan vir taalgebruikers van lewensbelang wees omdat hul bestaan daarvan afhang. 'n Taamlik bekende voorval in Noorweë illustreer dit. Hierdie taalgemeenskap ken 'n dubbele taalstryd: een tussen twee amptelike erkende Noorse standaardtale, naamlik Nynorsk (Nieu-Noors) en Bokmal ("Boektaal") en een oor die gebruik van sogenaamde radikale en konserwatiewe vorme binne hierdie standaardtale. Ene Sigurd J. Smebye het in die jare vyftig en sestig beroemd of berug geword deur sy weiering om bepaalde radikale vorme in die weerprogram oor die Noorse radio te gebruik. Hy het volhard met sne ("sneeu"), ost ("oos") en fjellene ("die berge") in plaas van die verpligte sno, aust en fjelle. Op die ou end het 'n minister hom "onthef" van sy taak om die weerprogram aan te bied (hoewel hy sy salaris en posisie sou behou). Ná 'n hofgeding (op grond daarvan dat die staat teen hom gediskrimineer het omdat hy gepraat het op 'n manier wat vir hom natuurlik is), is die minister se besluit nietig verklaar (Raugen 1966:256-260).

Besluite van die regering oor taal kan dus ernstige gevolge vir 'n enkeling hê. In hierdie geval was die "onthefing" van die radioman nie tipies van wat met sulke individue kan gebeur nie. Die man het geweier om die vorme te gebruik (al sou dit hom nie te veel moeite gekos het om dit wel te doen nie), maar dikwels word mense benadeel op grond van hul volkome onvermoë om 'n sekere variëteit of vorme te gebruik. Bowendien het die weerman nie sy salaris en posisie prysgegee nie en kon hy hom op die hof beroep. Die drie dinge is nie altyd vir 'n benadeelde enkeling moontlik nie.

Die gevolge van dergelike taalbesluite (oor die keuse van 'n taal of taalvariëteit tot ampstaal) kan 'n mens die maklikste aantoon in lande waarin een taal ten koste van die sprekers van 'n minderheidstaal bevoordeel word. Dit het dan soms tot gevolg wat 'n historikus van Slowakye gesê het toe dit in die negentiende en begin twintigste eeu deel van Hongarye was: 'n Slowaakse boer staan voor die hof soos 'n skaap wat ter slagting gelei word. In Hongarye is alleen Hongaars erken en die eentalige slowaak kon niks van die hofverrigtinge begryp nie. 'n Berugte voorbeeld van benadeling is eweneens dié van die Pole in die Russiese deel van Pole in die negentiende eeu. Poolse is op skool, aan universiteite en die hele openbare lewe (behalwe toneelopvoerings) verbied. Vir baie Pole het dit mettertyd 'n dilemma geskep; hulle kon hul kindes óf na Russiese skole stuur en dan die gevaar loop dat hulle afstand doen van hul Poolse identiteit, óf weier dat hul kinders skoolgaan (Poolse skole, ook privaatskole, was verbode) wat sou veroorsaak dat die Poolse jeug 'n al hoe groter agterstand kry by die jongmense van die res van Europa.

Maar ook in eentalige lande kan besluite oor reg en verkeerd belangrike gevolge vir die bevolking hê. Robert Hall beweer oor Amerika:

"Plenty of people have been turned down for jobs just because they said ain't or it's me, and others of inferior worth accepted because they said is not and it's me instead."
(1950:245)

Die verband tussen taalvariëteit en die struktuur van die samelewing het in baie lande 'n politieke kwessie geword --- wat oplossing moeilik maak. Hier kan ons kortliks na twee tipes situasies kyk. Die eerste is 'n toestand van diglossie waar 'n ouer vorm van die taal, en nie die omgangstaal nie, die norm is vir die onderwys, staatsinstellings en die kultuur. Leerlinge moet in sulke state die kultuurtaalvariëteit op skool aanleer. Diegene wat dit nie behoorlik reg kry nie, ondervind vir die res van hul lewe las daarvan. Sulke lande vereis dikwels dat die ampstaal gebruik word vir byvoorbeeld amptelike vorms. In Griekeland moes mense wat met die staatsinstellings wou korrespondeer, tot betreklik onlangs spesiaal mense huur wat dit in die voorgeskrewe argaïserende taalvorm kon doen.

Dimitri Sotiropoulos stel die vraag waarom die moderne Griekeland (van die 19e en 20ste eeu) nie die omgangstaal as basis vir sy nasionale taal aangeneem het nie, maar die tradisie bly volg het om 'n min of meer argaïserende vorm van Grieks te gebruik. Hy gee die antwoord:

"The answer lies in the historical fact that modern Greece never really had an autochthonous revolutionary bourgeois class to undertake the linguistic revolution that all bourgeois classes undertook in the rest of Europe." (1982:21)

Hy (1982:22) skryf die oorheersende posisie van Katharevousa (die "hoër" variëteit) toe aan die taalideologie van die heersende elite.

'n Ander variëteitsprobleem wat die laaste twee dekades baie aandag gekry het, is dié van die verband tussen sosiale klas, taalvariëteit en skoolprestasie. Die kern van die probleem is waarskynlik dat daar verskille bestaan in die taalgebruik van sosiale klasse (wat soms met etniese groepe kan saamval). Evan Neuland het byvoorbeeld in 'n ondersoek na twee groepe van vyf- en sesjarige kinders in die Ruhrgebied in Wes-Duitsland (een groep uit die hoogste sosiale milieus en die ander uit die laagste milieus) bevind dat baie woorde spesifiek was by 'n bepaalde groep en nie deur die ander groep gebruik word nie. By die laer sosiale milieus was byna 45 persent van die woorde wat die kinders gebruik het, nie in gebruik onder die kinders van die hoogste sosiale milieus nie; by laasgenoemde groep was sowat 46 persent van die gebruikte woorde spesifiek vir die groep. Ongeveer 55 persent van die gebruikte woorde was dus gemeenskaplike besit. Ook ten opsigte van woordbetekenisse en sinsbou het sy bepaalde verskille vasgestel (Pietersen 1976:141-142). Daar bestaan ook belangrike verskille tussen standaard-Engels en die taalvariëteit van swartes in die VSA, naamlik die sogenaamde "Black English Vernacular" (BEV) (bespreek deur onder meer (Trudgill 1974:68-74)).

Hierdie taalverskille het implikasies vir sommige groepe indien die onderwysstaal die standaardtaal of die taalvorm van een van die groepe (byvoorbeeld die taal van die hoër sosiale milieus) is. Dit het tot gevolg dat die kinders wat nie die standaardtaal (of die variëteit wat in die skool gebruik word) ken nie, 'n agterstand het teenoor die leerlinge wat die standaardtaal wel ken. Hierdie kwessie het in die laat 1960er- en 1970erjare gepolitiseerd geraak, onder meer in Wes-Duitsland waar die Bernstein-teorie kritikloos ontvang is. (Bernstein onderskei 'n uitgebreide kode (in gebruik by die hoër en middelklasse) en 'n beperkte kode (in gebruik by die ongeskoolde en half-geskoolde klasse); omdat die skool die uitgebreide kode gebruik, het kinders van die laer sosiale klasse 'n agterstand.) In Wes-Duitsland het die probleem van die "Sprachbarriere", die taal as struikelblok vir sommige sosiale groepe, sentraal in die

besprekings gestaan. Die studentebeweging van 1967-1969 het die Bernstein-hipotese aangegryp om duidelik te maak watter verfynde metodes die kapitalisme besit om sy magposisie deur middel van die taal te verleng. Die maklike teorie van "twee klasse = twee kodes" het in die siening van die Marxistiese studente gepas. Die begaafdheid van 'n leerling word in geen enkel opsig deur erflike aanleg bepaal nie, maar is iets wat geskep kan word, en in dié opsig speel taal 'n belangrike rol. Ook hier het die "Sprachbarriere"-vraag sentraal geword.

Diegene wat gemeen het dat daar werklik 'n taalagterstand by bepaalde groepe is, het die oplossing van die vraagstuk onder meer gesien in die instelling van taalkompensasieskole waarin daar geprobeer is om die agterstand uit te wis. Hoewel party ondersoekers versigtig oordeel, lyk dit vir die meeste asof dié soort skole nie veel sukses het nie. Die ondersoeke van Labov in die VSA, asook dié van Neuland, dien as steun vir die verskil-hipotese, waarvolgens die taalvariëteite van die verskillende klasse en etniese groepe geensins minderwaardig is nie, maar alleenlik anders. Hierdie variëteite, soos BEV, is volwaardige tale.

Die erkenning van die volwaardigheid van hierdie variëteite los egter die probleme nie op nie. 'n Leerling wat alleen in BEV opgelei is, sou na sy skoolopleiding tog maar moeite hê om werk te kry indien hy nie ook die standaardtaal leer skryf en praat het nie. 'n Moontlikheid is dat variëteite soos BEV as alternatiewe standaardtale erken word, maar die erkenning van te veel variëteite as standaardtale lewer ook weer moeilikhede soos in Noorweë. Die doeltreffenste benadering is waarskynlik die dubbeldialektiese metode (bespreek deur Trudgill (1974:81-82) en (1975:68-69)). Hiervolgens ontvang leerlinge hul eerste onderrig deur medium van die nie-standaardvariëteite en word hulle geleidelik ingelei in die standaardtaal.

Maar in alle samelewings is die een of ander standaardtaal die toonaangewende model. Vir maatskaplike sukses is dit wenslik, meestal noodsaaklik, om hierdie model na te volg. Die raad van mense soos P.M.H. Sheppard, skrywer van die boek *Van Taal naar Taal, Nederlands voor Maastricht en omstreken* is derhalwe heel realisties. Mense wat in Limburg gebore is, skryf Sheppard, gaan soek soms werk in ander provinsies en mense uit die noorde van Nederland vestig hulle in Limburg. As die Limburger in sy betrekkinge met sy landgenote 'n gelykwaardige rol wil speel, dan "is het een allereerste vereiste dat hij zijn Nederlands beheerst"; dit is

"onze dure plicht alles te doen wat nodig is, om aan dit vereiste te voldoen" (Goudsblom 1964/1978:29).

7 Die eienskappe van taalnorme

Ons kan die eienskappe van norme vanuit verskillende oogpunte beskou. Elke norm word naamlik geformuleer op 'n wyse wat ons kan laat vra: Is dit moontlik om die norm na te volg en dit byvoorbeeld aan kinders te leer? Is die norm geldig (afgesien daarvan dat ons mag vra: Is dié norm met 'n geldige oogmerk neergelê)? Is die norm ook doeltreffend? Ons let derhalwe agtereenvolgens op die volgende: normkerne (par. 7.1); die navolgbaarheid van norme (par. 7.2); die geldigheid van norme (par. 7.3) en die doeltreffendheid van norme (par. 7.4).

7.1 Normkerne

'n Norm bestaan volgens Bartsch uit 'n norminhoud (wat die reëlmatigheid stel) en die normkarakter wat een van die twee eienskappe "verplig" of "opsioneel" is met moontlike gradasies van dwang. Die norminhoud en die normkarakter vorm saam die normkern (Von Wright, aangehaal deur Bartsch (1982:62)).

Die norminhoud kan algemeen wees of taamlik spesifiek. Dis moontlik om die estetiese norme van Tauli (vergelyk par. 3.8 hierbo) taamlik algemeen te stel. Dis betreklik maklik om die voorskrif te volg: "Vermy dit om kort na mekaar dieselfde woord te herhaal", al sal 'n mens natuurlik soms twyfel wat "kort na mekaar" eintlik inhou, en of die reël vir alle soorte woorde ewe streng toegepas word. Sommige norme word egter taamlik waardeloos as hulle algemeen geformuleer word. "Gee altyd voorkeur aan die suiwer Afrikaanse vorm in plaas van sy Anglisistiese ekwivalent" --- so 'n norm is ondoeltreffend omdat die lede van die taalgemeenskap nie almal weet wat die suiwer Afrikaanse vorm en wat die Anglistiese ekwivalent is nie. Hiemstra moet noodwendig sy reël in verband met die gebruik van ons almal taamlik spesifiek formuleer. Maar ook by die suiwerheidsnorme is meer of minder algemene formulerings moontlik. Hiemstra skryf oor een:

"Wanneer ons 'n sin lees soos 'Die steen is 'n kosbare een', dan voel ons daar skort iets. Vertaal ons dit in Engels, dan kom ons al dadelik agter wat die skorting is: 'The stone is a precious

one'. Die aangehaalde sin in Afrikaans is vertaalde Engels. In suiwer Afrikaans sê ons: 'Dis 'n kosbare steen'." (1980:82) /

J.J. Spies gee 'n iets algemener formulering van dié reël:

"Die gebruik van een om 'n persoon of ding aan te dui, soos in die mooi een of die groen een, is onafrikaans en moet liefsvorm word." (Hiemstra 1960:52)

(Dat nie alle voorskrywers met hierdie reël saamstem nie, laat ek buite beskouing). Laasgenoemde formulering verleen aan dié vorm die eienskap van "opsioneel". Die gebruik moet "liefsvorm word". Talle norme en voorskrifte is egter verpligtend. Baie spellingsvoorskrifte is verpligtend. Dis verplig om in Afrikaans samestellings soos tikmasjien en spellingvoorskrif as een woord te spel en nie as twee (byvoorbeeld tik masjien en spelling voorskrif) nie. Sommige ander laat 'n mens egter 'n keuse; so word die spelling eenders naas eners erken.

7.2 Die navolgbaarheid van norme

'n Belangrike eienskap van norme is dat hulle geleer kan word. Soos Bartsch verduidelik, word hulle geleer deur voorskryf of deur waarnemings te doen van reëlmatighede binne raamwerke waarin hierdie reëlmatighede relevant en opvallend is. As gevolg hiervan kan baie reëls wat in die teoretiese linguïstiek voorgestel word, geen normkerne wees en as norme gerealiseer word nie (wat ook beteken dat hulle nie sosiale norme genoem kan word nie). Die kategoriale en transformasionele reëls van die transformasioneel-generatiewe grammatika kan geen normkerne wees nie. Omdat reëls geleer en aangehoor moet kan word, kan alleen oppervlaktestruktuurreëls moontlike normkerne wees. Die patrone van strukturaliste en die tradisionele grammatika kan wel gebruik word om norme te formuleer (Bartsch 1982:65-66). In die voorbeelde wat ons tot dusver aangehaal het, is die Hiemstra-voorskrifte duidelik genoeg geformuleer om nagevolg te word.

7.3 Die geldigheid van norme

Een van die belangrikste vrae in verband met voorskrifte is of hulle werklik die oogmerke waarmee hulle geformuleer word, kan bereik. Die meeste van die oogmerke van taalnormering wat in par. 3.1-3.8 genoem is, is

geldig; dis dus reg om van taalgebruikers te verwag dat hul taaluitinge 'n grammatiese vorm het en in ooreenstemming met die pragmatiese reëls gebruik word; of dat die standaardtaal in bepaalde style en registers gebruik word; eweneens dat "suiwer taal" in bepaalde registers en style gepraat en geskryf word; dat taal in bepaalde style en registers "logies" gehanteer word en dat 'n mens ten opsigte van bepaalde soorte taalgebruik estetiese norme kan neerlê. Die enigste behandelde oogmerk wat sonder meer ongeldig is, is dié dat 'n mens 'n ander taal se norme volg; die riglyn van 'n ouer fase van die taal is meestal ook ongeldig.

Maar 'n taalnormeerder kan 'n verkeerde siening hê van wat grammaties, pragmaties, standaardtaal, suiwer taal, logiese taalgebruik of estetiese taalgebruik is. Dit kan maklik gebeur dat 'n puristiese voorskrif 'n taalvorm verbied wat wel tot die taal behoort (soos taalgebruik uit vroeër fases van die taal sou kon aantoon). 'n Voorskrif wat grammatisiteit ten doel het, hou miskien onvoldoende rekening met veranderinge in die taal (sodat 'n ouer fase van die taal in werklikheid as norm geneem word). Pragmatiese voorskrifte kan moontlik weens (vermeende) morele waardes gewysig word. Die geldigheid al dan nie van voorskrifte kan deur verskillende soorte ondersoeke aangetoon word.

S.P.E. Boshoff verwys in een van die vroegste studies oor die onderwerp na "moeilikhede by die ondersoek na en die beoordeling van Anglisismes in Afrikaans" (1921:411). Dat sulke Anglisismes ook in Nederlands voorkom, bewys volgens hom niks omtrent hul herkoms in Afrikaans nie, tensy dit kan bewys dat hulle in Nederlands reeds so oud is dat hulle in Afrikaans oorgeërf kan wees of via Nederlands in Afrikaans gekom het. Soms kan 'n mens te make hê met skynbare Anglisismes.

"Dit is maar al te dikwels die geval, omdat Afrikaans gewoonlik vergelyk word met die hedendaagse 'Algemeen Beskaafd' en nie met die Nederlandse dialekte of die verskillende vorme van 17e eeuse Nederlands nie. Dan is die neiging baie sterk om agter elke skynbare afwyking in Afrikaans 'n Anglisisme te soek, en parallelle is altyd maklik te vind. Ons kan ook te doen hê met toevallige Anglisismes, d.w.s. woorde en uitdrukkings wat selfstandig in Afrikaans ontstaan is en toevallige ooreenkomste met Engelse parallelle vertoon Dan bly daar die werklike leenwoorde in Afrikaans uit Engels, en die onverdagte Anglisismes Ons moet by die leengoed uit Engels en die Anglisismes in Afrikaans let op die motiewe vir die onlening of navolging, die periode van oorneming of vorming, die gebruiksfere en gevoelswaardes, die maatskappelijke posisie van die sprekers --- in kort, ons moet 'in dit dode materiaal leven

brengen door er een stuk kultuurgeschiedenis van te maken'" (1921:412-413); laaste aanhaling is van De Voofs).

V.N. Webb bepleit 'n tweede soort ondersoek vir die vasstelling van taalnorme vir bepaalde variëteite, naamlik "die sistematiese en kontroleerbare waarneming van die taalgedrag van die lede van die spraakgemeenskap" (1983:380). (Vir 'n verdere uiteensetting hiervan, vergelyk sy artikel in hierdie bundel.)

In die derde plek kan 'n mens 'n waardebeplanning van 'n bepaalde voorskrif maak deur na te gaan wat sy konsekwensies gaan wees. Donald Mackay (1980) ondersoek wat die gevolge sal wees van die vervanging van die geslagsonbepaalde voornaamwoord *he* deur *they*. Die probleem is die volgende:

"English lacks a sex-indefinite pronoun for third person singular and for the past two hundred and fifty years prescriptive grammars have been recommending the use of *he* to mean 'he or she'. However, prescriptive *he* is inadequate for this purpose since contemporary speakers neither use nor comprehend prescriptive *he* consistently to mean 'he or she'." (1980:352-353)

In sy artikel ondersoek Mackay die moontlikheid dat die preskriptiewe *he* vervang word deur 'n enkelvoud-*they*. Dit kon hy doen deur *they* telkens te gebruik waar die preskriptiewe *he* tans gebruik word in 'n korpus afkomstig uit 108 uiteenlopende bronne. Uit die ondersoek het enkele voordele van so 'n nuwe voorskrif geblyk, soos 'n neutrale konnotasie en eenvoudigheid. Dit sal egter talle nadele hê. In sy opsomming noem Mackay die volgende: "covert and overt referential ambiguity; partial ambiguity; conceptual inaccuracy; loss of precision, imageability, impact and memorability; bizarreness involving certain referents and case forms; distancing and dehumanizing connotations" (349). Onder die sinne wat Mackay as voorbeeld gee, is die volgende

- (a) If a scholar has no faith in their principles, how can they proceed?
- (b) No one goes through life with imperfect facial features if they can help it.
- (c) I hear that Mary's doctor just broke their leg.

7.4 Doeltreffendheid van norme

Voorskrifte word soms nagevolg, soms nie. Lê dit aan die formulering van die voorskrifte, asook hul geldigheid en navolgbaarheid, dat hulle soms egte norme word, maar ander kere blote voorskrifte bly?

Dis nuttig om te onderskei tussen die (on)doeltreffendheid van voorskrifte en die sukses/mislukking van normering. 'n Voorskrif kan ondoeltreffend geformuleer wees of anders onrealisties wees omdat dit onvoldoende rekening hou met die taaltoestand (soos die Engelse voorskrifte in verband met It's me). Tog kan 'n voorskrif duidelik geformuleer wees, maar nogtans nie daarin slaag om ingang te vind nie.

Daar is twee soorte omstandighede wat die sukses van normering beïnvloed, naamlik die taalsituasie, soos beïnvloed deur ander omstandighede in die samelewing, asook die geestesklimaat of tydgees.

'n Suggestie van hoe ander omstandighede die taalsituasie kan beïnvloed, is te vinde in Jespersen se bespreking van die oorsake van taalverandering. Soos reeds opgemerk (in par. 2.1) kan 'n mens die verwerping van ten minste 'n deel van ons taalkennis beskou as 'n deel van die sosialisasieproses van die kind. 'n Kind kan 'n geïnternaliseerde grammatika opbou wat eenvoudiger is as dié van die volwassene. Dit blyk onder meer daaruit dat waarskynlik elke Engelssprekende kind soms vorme soos I goed en two foots gebruik. Die kind moet dan geleer word om die korrekte, onreëlmatige, vorme te gebruik (King 1969:78). Jespersen se opmerkings oor "periods of rapid change" as een oorsaak van taalverandering sluit hierby aan. Dit kan gebeur, skryf hy, dat die invloed van ouers en volwassenes in die algemeen miskien kleiner is as normaalweg omdat ongewoon baie ouers nie tuis is nie soos tydens groot en langdurige oorloë of omdat baie gedood word. In die geskiedenis van Engels was een van die tydperke waarin die taal die meeste verander het, die veertiende en vyftiende eeue. Dit was die tyd van oorloë met Frankryk, die Swart Dood (waarin ongeveer 'n derde van die bevolking omgekom het), opstande en burgeroorloë. In die Skandinawiese tale was die Vikingtydperk die tyd waarin die grootste veranderings voorgekom het omdat die mans afwesig was en die vroue ander dinge gehad het om te doen as om vir die kinders se taalopvoeding te sorg (1922:260-261). Jespersen se opmerkings

kan 'n mens miskien beskou as bespiegelings, maar daar steek miskien meer as 'n grientjie van waarheid daarin.

Die belang van die taalsituasie vir taalnormering lê meer voor die hand in 'n situasie soos die Suid-Afrikaanse waarin daar 'n groot mate van taalkontak is tussen Afrikaans- en Engelssprekendes (onder meer as gevolg van taalgemengde huwelike) en die beïnvloeding van Afrikaans deur Engels (onder meer omdat Afrikaanssprekendes meer aan Engels blootgestel word as Engelssprekendes aan Afrikaans). In sulke omstandighede is dit te begrype dat voorskrifte waarin die "suiwer Afrikaanse" vorm in die plek van "vertaalde Engels" gestel word, meermale oortree word.

Die tweede faktor wat die effektiwiteit van taalnormering bepaal, sluit hierby aan. Dit is die geestesklimaat of tydgees. Een aspek daarvan is 'n hoë waardering van die kultuurlewe in die algemeen en van taalgebruik, en die bereidwilligheid om 'n hoë standaard te stel. Daar is soms klagtes oor taalgebruik in die algemeen. Kingsley Amis sê die volgende oor 'n soort fout wat taalnormeersers met reg mag uitwys en kritiseer, naamlik mala-propismes.

"Till quite recently, perhaps about 1960, it was comparatively rare to find a misuse of words in the writings of the supposedly educated, among whom I include journalists and those who get their letters printed in newspapers. But now, five minutes' reading almost anywhere will turn one up." (1980:25)

Waarom sou dit wees dat hierdie soort taalfout toeneem? Sou dit wees dat een aspek van die geestesklimaat in twintig jaar verander het --- dalk omdat minder waarde geheg word en minder streng standaarde gestel word aan taalgebruik omdat die natuurwetenskap en tegnologie deesdae 'n al belangriker plek in ons samelewing inneem?

'n Ander aspek van so 'n geestesklimaat is die taalhoudings en taalgetrouheid van 'n bepaalde gemeenskap. Taalgebruikers kan moontlik half onbewus voel dat 'n bepaalde taal 'n lae status het en dat hulle eintlik nie so danig hoef om te gee oor hoe hulle dit praat of skryf nie. M.C.J. van Rensburg identifiseer hierdie houding in die Afrikaanse taalgemeenskap wanneer hy skryf:

"Die vraag kan selfs gevra word of die Afrikaans van 1983, al amper 60 jaar na 1925, nie nog steeds 'n nie-standaardtaal is nie. 'n Taal wat nie juis geskryf word nie, maar eerder gepraat

word. Die Afrikaans op ons winkelvensters is 'n pragtige voorbeeld. In hoeyeel sake-ondernemings van Afrikaanssprekendes word die keuse van die spelling van Kontant Winkel of Kontantwinkel nie maar doodluiters aan die letterskilder oorgelaat nie?" (1984:191-192)

Die Afrikaanse voorskrif vir die spelling van woorde soos kontantwinkel is maklik, veel makliker as die Engelse spellingvoorskrifte, maar Afrikaanssprekendes sal laasgenoemde sonder mor en kla nakom, maar die Afrikaanse voorskrifte oortree.

Ten slotte word so 'n geesteklimaat waarin norme gehoorsaam/verontagsaam word, mede-bepaal deur taalgetrouheid of die gebrek daaraan. W.A. Kempen, 'n taalkundige wat intieme kennis van die taalgebruik van die 1930erjare tot tans het, het in 1975 gesê dat Afrikaans en Engels op veel uitgebreider skaal as sowat dertig jaar tevore deurmekaar gepraat word. In die jare dertig en veertig het die gebruik van Afrikaans min of meer 'n hoogtepunt van suiwerheid bereik.

"Ek het 'n idee dis vandag 'n onpopulêre ding om taal suiwer te praat." (Beeld, Julie 1975)

Die mislukking van 'n bepaalde soort normering is dus nie altyd aan die norme self toe te skryf nie. Eintlik is daar seker geen aspek of vorm van taalgebruik waarvoor daar nie al in die verlede in die verskillende tale voorskrifte geformuleer is nie. Fishman gee in 'n opsomming enkele voorbeelde wat 'n mens met tientalle sou kon aanvul:

"Corpus planning has been extended to the development of entire stylistic varieties (e.g. nontechnical Somali prose), to number systems (e.g. converting a 'nine-and thirty' system to a 'thirty-nine' system in Norwegian), to pronoun systems (e.g. the selection of nonhonorific second-person singulars in Japanese and Javanese), the simplification of verbal and phonological systems (e.g. dropping feminine plural imperatives and complicated pointing/unpointing alternatives in modern Hebrew) etc." (1983:109)

8 Middele van taalnormering

Met watter middele kan normering doeltreffend onderneem word? 'n Mens moet in die antwoord op dié vraag let op die volgende:

- (a) die een of ander liggaam of persoon moet oor norme besluit;
- (b) dié besluite moet op die een of ander manier bekend gemaak, miskien afgedwing word, en
- (c) dan op allerlei wyses en deur allerhande instansies uitgevoer word.

8.1 Besluitnemende instansies

Die belangrikste liggame wat taalnormerende besluite neem, is taalakademies en taalkommissies. Van hulle is die akademies die bekendste. Van die oudste akademies is juis taalakademies. Die eerste van die moderne tyd is in Italië gestig: die *Accademia della Crusca* ofwel "Kaf-akademie" (*crusca* = "kaf"). Dié naam is as grap gekies omdat dié akademie die taal, "wat meer kaf as korrels bevat het", wou suiwer. Akademies is daarna ook in Spanje en Frankryk gestig, en die Franse akademie is tans een van die bekendste. Sedert die laaste kwart van die negentiende eeu is Spaanse akademies ook in die Spaanssprekende lande van die Amerikas gestig. Hierdie Spaanse akademies werk tans nou met mekaar saam in die vereniging van akademies van die Spaanse taal. Die doel is --- in die Engelse vertaling van die statute --- "to work assiduously for the defense, unity and integrity of our common language, and to see that its natural growth follows the traditional paths of the Spanish language" (aangehaal deur Guitarte en Quintero (1968/1974:327)). Die tradisionele oogmerk van taalsuiwerheid is nagestreef in die stryd teen Gallisismes, en tans in 'n gewigtige stryd teen Anglisismes wat beskou word as een van die grootste bedreigings deur die "denaturalization and fragmentation" van Spaans (op cit.:359).

'n Ander bekende groep akademies is dié van die Arabiessprekende wêreld. Drie Arabiese akademies is direk betrokke by aspekte van klassieke Arabies, naamlik die Siriese (gestig in 1918-19), die Egiptiese (1932) en die Irakse (1947). Al drie beskou die behoud en vernuwung van Arabies as 'n effektiewe verenigende taal vir alle Arabiessprekendes as die primêre oogmerk. In hul pogings om hierdie doel te bereik, het hulle volgens Altoma steeds twee dinge probeer weerstaan, naamlik indringing van spreektaaluitdrukkings van binne en leenwoorde van buite. Die belangrikste probleem is volgens hom nog nie deur een van die akademies opgelos nie, en dis hoe om klassieke Arabies te laat voldoen aan die behoeftes van die moderne lewe sonder veranderinge aan die ortografie, grammatika en woordeskat. Die Egiptiese akademie is die

aktiefste besig om die Arabiese taal te moderniseer. Dié akademie het tussen 1957 en 1964 byvoorbeeld 20 000 nuwe wetenskaplike en tegniese terme geskep. Waar moontlik, is Arabiese ekwivalente vir vreemde terme gebruik, behalwe waar daar geen geskikte Arabiese woord gevind kon word nie (Altoma 1970/1974:302).

8.2 Bekendmaking van voorskrifte

Die taalbesluite van akademies en taalkommissies (soos die Noorse taalkommissie) word op verskillende maniere aan die publiek bekend gemaak: deur middel van woordelyste, spelreëls, woordeboeke en grammatikas, asook deur verklarings en --- minder bekend in Suid-Afrika --- taalwetgewing. Die akademie van Columbia (Suid-Amerika) het in 1960 die nasionale vergadering oorgehaal om 'n wet aan te neem, die Ley de defensa del idioma, wat in 1964 deur 'n statutêre dekrete gevolg is. Daarvolgens word die gebruik van vreemde woorde in amptelike dokumente en in die name van opvoedkundige inrigtings, kulturele, sosiale en sportsentrums, hotels, restaurants en in ondernemings en dienste wat oop is vir die publiek verbied (Guitarte en Quintero 1968:346). Nicaragua het weer sedert 1944 'n wet wat vereis dat die korrekte vorm van Spaans in alle dokumente en aankondigings aan die publiek gebruik word (Guitarte en Quintero 1968:345). In Engeland het 'n wet van die parlement in 1850 bepaal dat "he or she" in wette vervang word deur "he" (Ann Bodine 1975:136).

Frankryk het van 1972 af wetgewing om die gebruik van Engels in amptelike Franse dokumente teen te gaan. By elke sentrale administrasie moet 'n terminologie-kommissie in die lewe geroep word om 'n inventaris te maak van tekortkominge in Frans, gepaste terme vir die leemtes te vind en ongewenste terme te vervang. Daarby word woordelyste opgestel. Die woorde van die eerste lys bevat terme en uitdrukkings wat verpligtend is en skrap enige ander woordgebruik; lys twee verstrek terme wat by wyse van proefneming aanbeveel word. Alleen woorde van die eerste lys word toegelaat vir

(a) amptelike aktes en staatsdokumente, en gebruik deur owerheidspersoneel;

(b) briefwisseling van die owerheid en openbare instellings;

- (c) briefwisseling met die owerheid;
- (d) aktes en dokumente met betrekking tot aankope deur die staat of openbare liggame, asook kontrakte waarby die owerheid betrokke is;
- (e) instellings wat deur die staat gekontroleer en gesubsidieer word;
- (f) onderwys, opleiding en wetenskaplike ondersoek.

Die eerste lys verpligte terme is op 29 November 1973 gepubliseer en sedertdien is verskeie ander lyste uitgegee. As voorbeeld van sulke lyste word hier enkele Engelse woorde gegee wat in Frankryk ten opsigte van die televisie vermy moet word, en saam daarmee die Franse ekwivalente

cameraman	:	cadreur
show-business:	:	industrie de spectacle
close up	:	plan serré et gros plan
pick up	:	tourne disque
video tape	:	bande vidéo
fading	:	fondu
fair-play	:	franc jeu
pre-testing	:	pré-enquête
flash back	:	retour (en) arrière
one man show	:	spectacle solo (Cocquereaux s.j. : 115-116).

8.3 Uitvoering van taalbesluite

"The planner proposes, but the community disposes", sê Haugen (aangehaal deur Yafa Alloni-Fainberg (1974:495)). Maar die gemeenskap se aanvaarding of verwerping van taalnorme hang baie daarvan af hoe instellings soos die massamedia en die skole taalbesluite uitvoer. In par. 5 is die menings aangehaal van taalkundiges wat meen dat taalnormering effektief kan wees as gevolg van die rol van die massamedia en die onderwys --- so effektief dat dit tot bepaalde taalveranderings gelei het. Watter van hierdie instellings is die doeltreffendste?

Uit 'n ondersoek na die normering van die woordeskat kan 'n mens aflei dat die onderwys een van die doeltreffendste maniere is om woordeskatvoorskrifte te versprei. Die ondersoek het gehandel oor die gebruik van amptelike Hebreeuse terme vir motoronderdele. Daarvolgens het die massamedia minder invloed as die skool. Belangrik is ook wat Hyman noem die "personal example in a face-to-face setting", maar dit lyk asof Alloni-Fainberg --- wat die ondersoek ingestel het --- die onderwys nogtans as die belangrikste beskou.

"Teachers and students together seem to be the most useful and effective implementors and disseminators of new terms. Similarly, the formal place of learning is the best place for acquiring new terms. Perhaps that is the implementation context and medium in which most means should be invested, and that in such places direct address, up-to-date textbooks and glossaries should be emphasised." (1974:504)

Die normeerder wik, die taalgemeenskap beskik. Maar die taalgemeenskap kan aangemoedig word om reg te beskik. Dat dit nie onmoontlik is nie, blyk uit die betreklike gewildheid van taalrubrieke in koerante en oor die radio.

BIBLIOGRAFIE

- Alloni-Faiberg, Yafa (1974) "Official Hebrew terms for parts of the car: a study of knowledge, usage and attitudes", in Fishman (ed.) 1974:493-517.
- Altoma, Salih J. (1970) "Language education in Arab countries and the role of the academies", in Sebeok, T.A. (ed.): *Current trends in linguistics* 6:690-720; ook in Fishman (ed.) 1974:279-313.
- Amis, Kingsley (1980) "Getting it wrong", in Leonard Michaels & Christopher Ricks (reds.): *The state of the language*. Berkeley: University of California Press. (pp. 24-33)
- Appel, René, Gerard Hubers & Guus Meijer (1979) *Sociolinguïstiek* (derde herziene druk). Utrecht: Aula-boeken.
- Bartsch, Renate (1982) "The concepts 'rule' and 'norm' in linguistics", *Lingua* 58:51-81.
- Bodine, Ann (1975) "Androcentrism in prescriptive grammar": singular 'they', sex-indefinite 'he' and 'he or she'," *Language in society* 4:129-146.
- Boshoff, S.P.E. (1921) *Volk en taal van Suid-Afrika*. Pretoria: J.H. de Bussy.
- Bréal, Michel (1964) *Semantics*. New York: Dover Publications.
- Cobarrubias, Juan & Joshua A. Fishman (eds.) (1983) *Progress in language planning*. Berlin: Mouton.
- Cocquereaux, Jacqueline s.j. *Volken en talen in beweging*. Leuven: Davidsfonds.
- De Schutter, G. & Y. Persoons (1982) "Taalnormen in de gemeenschap, wat anders dan op school?", in P. van de Craen & R. Willemijns (reds.): *Sociolinguïstiek en ideologie* (Studiereeks van het Tijdschrift van de Vrije Universiteit Brussel, nieuwe serie 7:172:204)
- De Voors, C.G.N. (1925) *Verzamelde taalkundige opstellen*. Tweede bundel. Groningen: J.B. Wolters.
- Ducrot, Oswald & Izvetan Todorow (1979) *Sciences of language*. Oxford: Blackwell Reference.

- Fishman, Joshua A. (1973) *Language and nationalism*. Rowley, Massachusetts: Newbury House.
- Fishman, Joshua A. (1983) "Modeling rationales in Corpus planning: modernity and tradition in images of the good corpus", in Cobarrubias & Fishman (eds.) 1983:107-118.
- Fishman, Joshua A. (ed.) (1974) *Advances in language planning*. The Hague: Mouton.
- Gallagher, Charles F. (1975) "Language reform and social modernization in Turkey", in Joan Rubin & Björn H. Jernudd (eds.): *Can language be planned?* Honolulu: University Press of Hawaii. (pp. 159-178)
- Geerts, G. (1968) "Hij geeft melk", *Dietsche Warande en Belfort* 113:50-60; ook in Geerts (red.) 1978:83-93.
- Geerts, G. (red.) (1972) *Taal of taaltje? Eerste druk*. Leuven: Acco.
- Geerts, G. (red.) (1978) *Taal of taaltje? Tweede, gewijzigde druk*. Leuven: Acco.
- Glyn Lewis, E. (1972) *Multilingualism in the Soviet Union*. The Hague: Mouton.
- Gloy, Klaus (1975) *Sprachnormen I*. Stuttgart: Friedrich Fromman.
- Goossens, J. (1966) "Hij zei dattem van niks en wist", *Germania* 14(1):28-31; ook in Geerts, G. (red.) 1972:142-145.
- Goossens, J. (1975) "De ontwikkeling van het gesproken Nederlands in Vlaanderen", *Nu Nog* 23:51-62; ook in Geerts (red.) 1978:212-222.
- Goudsblom, J. (1964) "Het algemeen beschaafd Nederlands", *Sociologische Gids* 11:106-124; ook in Geerts (red.) 1978:26-42.
- Guitarte Guillermo & Rafael Torres Quintero (1968) "Linguistic correctness and the role of the academies in Latin America", in Sebeok, T.A. (ed.). *Current trends in Linguistics* 4:562-604; ook in Fishman (ed.) 1974:315-368.
- Hall, Robert A. (1950) *Linguistics and your language*. New York: Anchor Books.
- Hall, Robert A. (1968) *An essay on language*. Philadelphia: Chilton Books.

- Haugen, Einar (1966) *Language conflict and language planning*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.
- Haugen, Einar (1972) *The ecology of language*. Stanford University Press.
- Hazai, Georg (1970) "Linguistics and language issues in Turkey", in Sebeok, T.A. (ed.) *Current trends in linguistics* 6:183-216; ook in Fishman (ed.) 1974:127-161.
- Heeroma, K. (1968) *Sprekend als nederlandist*. Den Haag, Bert Bakker/Daamen.
- Kiemstra, L.W. (1980) *Die juilste woord* (versorg deur J.J. Spies). Kaapstad: Tafelberg & Nasou.
- Jespersen, Otto (1922) *Language. Its nature, development and origin*. London: George Allen & Unwin.
- King, Robert B. (1969) *Historical linguistics and generative grammar*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.
- Kuypers, K. (red.) (1977) *Encyclopedie van de filosofie*. Amsterdam: Elsevier.
- Kwant, R.C. (1964) *Mens en kritiek*. Utrecht: Het Spectrum.
- Mackay, Donald G. (1980) "On the goals, principles, and procedures for prescriptive grammar: singular they", *Language in society* 9:349-367.
- Meillet, A. (1921) *De talen in het nieuwe Europa*. Utrecht: A. Oosthoek.
- Odendal, F.F. (1983) *Aspekte van taal*. Tweede uitgawe. Kaapstad: Nasou.
- Paardekooper, P.C. (s.j.) *ABN Gids*. Antwerpen: Standaard-Boekhandel.
- Pietersen, L. (1976) *Taalsociologie*. Groningen: Tjeenk Willink.
- Reichling, Anton (1950) "Taal", in W. Banning e.a. (reds.) *Encyclopaedisch Handboek van het moderne denken*. Arnhem: Van Loghum Slaterus. (pp. 732-738)
- Runes, Dagobert D. (ed.) (1964) *The dictionary of philosophy*. London: Peter Owen.

- Searle, John R. (1969) *Speech acts*. London: Cambridge University Press.
- Sibayan, Bonifacio (1974) "Language policy, language engineering and literacy in the Philippines", in Sebeok, T.A. (ed.) *Current trends in linguistics* 8:1038-1062; ook in hersiene vorm in Fishman (ed.) 1974:221-254.
- Sotiropoulos, Dimitri (1982) "The social roots of modern Greek diglossia", *Language problems and language planning* 6(1): 1-28.
- Southward, Franklik & Chander J. Daswani (1974) *Foundations of linguistics*. New York: Free Press.
- Stutterheim, C.F.P. (1964) *Taalbeschouwing en taalbeheersing*. Amsterdam: Polak en Van Gennep.
- Stutterheim, C.F.P. (1967) "Wat is goed Nederlands?", *Onze taal* 36:4-10; ook in Geerts (red.) 1978:55-69.
- Tauli, Valter (1968) *Introduction to a theory of language planning*. Uppsala: Almqvist & Wiksells.
- Trudgill, P. (1974) *Sociolinguistics*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Trudgill, P. (1975) *Accent, dialect and the school*. London: Edward Arnold.
- Van den Toorn, M.C. (1974) "Het Nederlands na de Tweede Wereldoorlog", *Tijdschrift voor Nederlandse Taal- en Letterkunde* 90:273-290; ook in Geerts 1978:104-118.
- Van Doorn, J.A.A. en C.J. Lammers (1967) *Moderne sociologie*. Utrecht: Aula-boeken.
- Van Haeringen, C.B. (1962) "Dialect en cultuurtaal", in Gramarie. Assen: Van Gorkum (pp.185-196); ook in Geerts (red.): 43-54.
- Van Rensburg, M.C.J. (1984) "Afrikaans: Die pad vorentoe", in K.P. Prinsloo en M.C.J. van Rensburg (reds.): *Afrikaans: stand, taak, toekoms*, Pretoria: HAUM. (pp. 177-194)
- Van Wyk, E.B. (1978) "Sosiolinguistiese norme in taalgebruik", in F.F. Odendal (red.): *Gesag en norm in die taal- en letterkunde II*. Johannesburg: RAU-publikasie. (pp. 99-120)

Verkuyt, H.J. e.a. (1978) *Transformationele taalkunde* (derde druk).
Utrecht: Aula-boeken.

Webb, V.N. (1983) "Aspekte van taalnorme --- gesien vanuit die perspektief
van die gemeenskapsgrammatika", *Kongresreferate 1983 van die
Linguistevereniging van Suider-Afrika*: 372-396.

Weinreich, Uriel (1963) *Languages in contact*. The Hague: Mouton.

Witteboon, S. (1960) "De radioniewsdienst en de Nederlandse taal", *Onze
taal* 29:26-31; ook in Geerts (red.) 1972:237-250.

Zaalberg, C.A. (1964) "Beraden taalijver", *Jaarboek van de Maatschappij
der Nederlandse Letterkunde te Leiden*: 3-13, ook in Geerts (red.)
1978:72-82.